HOËRSKOOL WATERKLOOF

# KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za

UITGAWE 3 | 2022

Wenners van Beste nuusberig, Beste gebruik van video en Beste Covid-19-innovasie in Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2021



## ‘n Droom word waar – Kloof kry ‘n swembad

Nandi Gous

*2023 se hoofleiers laat die druppels in die nuwe swembad spat.*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

**Die opening van die skool se swembad, op Dinsdag 27 September, sal vir altyd onthou word as die dag waarop die “water” in Waterkloof gesit is.**

Na 15 jaar vandat die planne in die boeke geskryf is - en 43 jaar sedert die skool se ontstaan, het mnr. Denysschen en sy span hierdie droom verwesenlik. Met mnr. Roos as projekbestuurder, die ingenieur, mnr. Bosman, mnr. Strydom by finansies en mnr. Maré as swemkoördineerder, was dit beslis ‘n spanpoging.

“Dis so waarskynlik soos Kloof wat ‘n swembad kry,” – is die grap wat al vir jare op die stoepe van Kloof weerklink. “In 1984 het die kinders al oor ‘n swembad begin fluister,” vertel juf. Ulinda Human, ‘n oud-Klofie. Maar vandag lag die skool terug, want die onmoontlike het moontlik geword en Kloof kan uiteindelik met sy eie swembad spog.

“Vanaf my intrede by die skool, was dit my droom om hierdie belofte waar te maak,” sê mnr. Denysschen. En die swembad is inderdaad gebou presies op die plek waar dit aanvanklik op die planne aangedui is.

Die swembad bring nuwe gees in die skool en kan ‘n nuwe liefde vir die water by die leerders kweek. Leerders kan na somers wat nie meer so warm sal wees nie, en na lekker nat LO-sportperiodes uitsien.

Swem is egter nie die enigste sportsoort wat in die swembad sal plaasvind nie; waterpolo, skubaduikkursusse en selfs onderwaterhokkie is nou ‘n moontlikheid in hierdie twee meter diep swembad. Dit bied ook die geleentheid aan ander sportsoorte om die swembad te gebruik vir die behandeling van sportbeserings en die herstel van seer spiere.

Die swembad is net nog ‘n bewys van wat kan gebeur as ‘n mens ‘n projek in geloof aanpak. “Waterkloof bou nie net in geloof nie, maar lééf in geloof – tot drome werklikhede word,” sê Lesley Bosman, swembadbouer en ingenieur.







*Die swembad is tydens ‘n swierige geleentheid ingehuldig.*
*- Fotograaf: Elizmari Rootman -*




**Toneel** - bl.6



**Hoofleiers** - bl.9




**Kansa-uitreik** - bl.12



**Krieket** - bl.20

# Redakteursbrief




En so is die jaar verby. Die bome is weer groen, 'n nuwe Klofieraad is hard aan die werk en ek skryf my laaste redakteursbrief aan julle.

Hierdie jaar was met baie hoogtepunte gevul, soos Kloof se eie swembad, Klofies wat aan wêreldkampioenskappe deelneem en feeste wat voluit gevier kon word.

Wat 'n voorreg om deel te kon wees van so 'n fenomenale skoolkoerant wat elkeen van hierdie oomblikke kon vasvang. Dit is die grootste pret om die sukses en die stories van ons eie Klofies met ink te verewig.

Ons groet 'n matriekgroep wat nie gou vergeet sal word nie. Ons groet ook vir juf. Alma as die hoof van die redaksie. Juf. Alma se insig en wysheid, orde en kreatiwiteit is die produk van die suksesvolle koerant wat ons vandag sien. Dit was 'n eer om saam met Juffrou te werk; elke redakteur kan daarvan getuig.

Kloof, aan julle wil ek dankie sê vir elke snaakse sêding, herinnering en vriendskap wat ek hier kon vorm. As jy in matriek is, kom jy agter dat jy nooit 'n oomblik sal terugkry nie, maar dat jy elke dag die kans het om 'n nuwe oomblik te skep. Moenie dat die lewe by jou verbygaan nie.

Ons skoolkoerant is in bekwame hande, en ek sien uit na al die nuwe hoogtes wat die Klofiekan gaan bereik. Daar is hoop en beloftes in die lug en 'n hele nuwe seisoen wat vir elkeen van ons voorlê.

Mag hierdie uitgawe jou laat lag, iets leer, (selfs 'n bietjie laat huil) en vir jou waardering gee vir die mense wat saam met jou in die gange stap. 😊

**REDAKSIE**

**Graad 12**
Jana Gous (redakteur)
Ané Hartzer
Emma Lotriet
Niel Voges

**Graad 11**
Juan de Wet
Arnold Dippenaar
Handro Myburg
Vivienne Pio
Lyné Steyn
Anica Ueckermann
Lillian van Staden

**Graad 10**
Mia Appelcryn
Lize Erasmus
Laureanne Geertsema (adjunkredakteur)
Nandi Gous (adjunkredakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

**Graad 9**
Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Miné Naudé
Krige Steyn

**Onderwysers**
Alma van der Walt
Leandré Eksteen
Annuska Pretorius
Janneke Vahrmeijer
Retha Hofmeyr
Gareth Harris

**Uitleg**
BlackSun Design

# WENNER!



*Baie geluk aan Regardt van Heerden wat die gelukkige wenner van die woordspeletjie in Uitgawe 2/2022 was. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 18 vir hierdie uitgawe se woordspeletjie!*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*



*Redaksie 2022*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

# Laat jou stem tel

Laureanne Geertsema

**Kaperjolle is 'n groot deel van Waterkloof se unieke karakter. Tog is daar baie verskillende opinies oor die kwaliteit van die kaperjolle. Die Klofiekan het gaan ondersoek instel oor die Klofies se gevoel in dié verband. Jolig … of bloot net gekaap?**

**Die volgende terugvoer is ontvang:**

*Ek geniet nogal die kaperjolle, want dit is iets anders as net skool en ek sien altyd daarna uit, maar soms is dit net 'n bietjie vreemd.*
**Lara Swart (Graad 8)**

*Ek voel die kaperjolle is baie goed. Die Klofieraad/VLR probeer dit vir almal lekker maak.*
**Dieter Stehle (Graad 9)**

*Kaperjolle verskil vir my van tyd tot tyd. Soms is dit regtig snaaks en pret om na te kyk. Ander tye voel dit asof hulle net die populêre kinders gebruik en die grappe wat hulle maak, is ook altyd op dieselfde kinders gemik. Dit is nie lekker vir die kinders wat nie daaraan deelneem, om daarna te kyk nie.*
**Nia Naudé (Graad 10)**

*Kaperjolle kan partykeer regtig droog wees en dit hou nie altyd my aandag nie.*
**Reghardt Kornelius (Graad 11)**

*Dit is snaaks tot op 'n punt. Ek voel dis nie meer oorspronklik genoeg nie. Daar is soveel ander idees wat hulle kan gebruik. Beledigings is nie altyd snaaks nie. Het hulle al ooit daaraan gedink om sport en kultuur teen mekaar te laat deelneem? Laat die rugbyseuns 'n koorliedjie sing of klavier speel en laat die orkeslede rugby speel.*
**Marli Viljoen (Graad 12)**

# Vra vir Susan!

***Jy kan vir Susan kontak deur jou anonieme vraag op Susan se Google Form, wat op jou skoolgroepe versprei is, te stel.***

***Liewe Susan***
*Dit voel asof alles in my lewe verkeerd loop en ek weet nie hoe om dit te hanteer nie.*

**Liewe Anoniem**
Hoe jy tans voel, is normaal. Ek belowe jou: die meeste tieners voel so! My raad is dat jy moet stop, diep asemhaal en dan begin beplan. Skryf alles wat jy in die week móét doen (sportoefeninge, toetse waarvoor jy moet leer, ens.) kortliks neer. Dit sal jou 'n idee gee van wat gedoen moet word en hoe jy jou tyd moet bestuur. Merk die take af wat jy voltooi. Onthou: elke minuut se beplanning spaar jou tien minute in die toekoms. Tweedens: prioritiseer, handel die belangrikste dinge eerste af. Onthou: *overworking can mean underproducing.* Rus as jy moeg is, al is dit net vir tien minute.

***Liewe Susan***
*Ek voel ek ooreet myself, maar ek is konstant honger. Het jy enige raad vir my hongerpyne? Maak my gewig ooit saak?*

**Liewe Anoniem**
Ek verstaan jou dilemma! My raad is eenvoudig: probeer meer vesel inkry en drink meer water. Jou brein verwar baie keer dors met honger en water kan jou meer versadig laat voel sodat jy minder wil eet. 'n Kort Biologieles oor vesel: dit reinig jou ingewande van enige kos wat agterbly, maar dit sit ook baie uit as dit water opneem. Dit sal jou dus outomaties langer versadig laat voel. Onthou, daar is 'n verskil tussen ooreet en baie eet. Sommige mense het 'n vinnige metabolisme, wat hulle vinniger honger laat voel en dit veroorsaak dat hulle baie eet. Ooreet is meer kompulsiewe gedrag – so jy eet as jy verveeld is, of jy eet om jouself te beloon. Maak net seker dat jy bewustelik eet wanneer jy eet. Dit beteken jy moet dink aan wat en hoekom jy eet, terwyl jy eet. Ek voel dat gewig nie saakmaak nie. Die meeste mense kyk nie na jou gewig nie, al voel dit vir jou so. Die meeste mense dink in elk geval hulle weeg swaarder as wat hulle werklik is, navorsing het dit bewys! Mense kyk eerder na jou persoonlikheid. Is jy selfversekerd, of krimp jy ineen as mense net na jou kyk? Lig jou ken op en kyk mense in die oë!

***Liewe Susan***
*Ek wil meer soos 'n ekstrovert wees. Hoe kry ek dit reg?*

**Liewe Anoniem**
Soos hulle sê: "Alles kom met oefening." As jy by 'n plek vol vreemdes instap, maak oogkontak. Maak 'n punt daarvan om jouself aan een of twee persone, wat jy nie ken nie, voor te stel, al voel dit moeilik. Die meeste mense voel net so onseker soos jy en is maar te bly dat jy met hulle praat. Hoe meer jy dit doen, hoe makliker sal dit vir jou raak. Oefen om meer selfversekerd te lyk en om dankbaarheid en positiwiteit uit te leef. Mense is meer aangetrokke tot vriendelike mense met positiewe gesindhede omdat dit vir hulle 'n gevoel van sekuriteit gee. Probeer hierdie gesindhede uitstraal.

***Liewe Susan***
*My meisie se ouers hou nie van my nie en ek weet nie wat om te doen nie. Kan jy my help?*

**Liewe Anoniem**
Ek is jammer oor jou situasie, ek weet dit is nie lekker nie. Jy moet dalk vir jouself vra hoekom hulle nie van jou hou nie. Is dit iets wat jy gedoen het? Vra ook vir jou meisie. As dit iets is wat jy gedoen het, kan jy dit probeer regstel. Ek is seker hulle sal jou moeite raaksien en waardeer. Dit mag dalk wees dat jy hulle standpunt nie verstaan nie, maar probeer. Hanteer hulle altyd met respek en wees die beste jy wat jy kan wees.



Hoërskool Waterkloof
Available on the App Store
Get it on Google play

# Waterkloof se hart – juf. Hartley groet Kloof



**Je-Miné de la Rey**

As vyfjarige dogtertjie het ek die ongelooflike voorreg gehad om juf. Lydia Hartley as my broer se hokkieafrigter te leer ken, maar as vyftienjarige weet ek sy is soveel meer as 'n hokkiejuffrou: sy is 'n mentor, 'n motiveerder, 'n inspirasie, maar bowenal - ALLES wat Kloof se hart warm laat klop!

"Wat ek die meeste sal mis, is die spontane vriendelikheid en omgee van my kollegas en die Klofies. My ongelooflike matriekklas. Die eerste krieketspan wat my altyd so vriendelik ontvang het. Saterdae se sport! Die konsertorkes en die kooroptredes - wat 'n belewenis! Al die ander kultuuraktiwiteite - julle het my trots gemaak. Dit was 'n voorreg om by Kloof te kon wees waar ek my passie kon uitleef. 'n Groot dankie aan die bestuur en die infrastruktuurspan o.l.v. oom Kosie – ons kon so baie nuwe projekte suksesvol afhandel en die skool pragtig en skoon hou. Kloof is meer as 'n skool. Ek was 12 jaar by Kloof en wat my altyd sal bybly, is die Kloof-*vibe*. Kloof het 'n gees, 'n atmosfeer en 'n gevoel wat uniek is en nie in woorde beskryf kan word nie. Daarom, Klofies, maak 'n verskil. Wees 'n verskil. Jy kies elke oomblik van elke dag jou gedagtes: dink jy positief of dink jy negatief? Sien jy die glas half vol of half leeg?"

"Onthou 2 Kor. 2:14-17: Wees as gelowige 'n aangename geur vir die wêreld. Moenie iets vrees nie en moenie dat vrees jou vreugde steel nie. Wees die LIG op die horison! Leef Ps. 119:105: U woord is vir my 'n lamp vir my voete en 'n lig op my pad."

"Aan al die jong onderwysers: dankie dat jy gekies het om 'n onderwyser te wees. Jy het die beste, vervullendste beroep gekies. Bou met passie aan jongmense se lewens. As onderwyser skep en vorm jy jongmense se lewens - élke professie in die wêreld! Dit is 'n dinamiese beroep wat jongmense in die wêreld instuur om gelukkig en gebalanseerd te kan lewe. Om 'n verskil in lewens te kon maak, al was dit hoe klein; ek sê vandag dankie



*Juf. Lydia Hartley*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

daarvoor! Soms was daar interpretasies en uitsprake in die Engelsklas wat Shakespeare tot trane sou dryf! En soms is daar gelag: soos die dag wat ek met twee verskillende skoene by die skool opgedaag het … maar elke dag het ek my droom uitgeleef!"

"Klofies: DROOM GROOT! Werk hard om jou droom te verwesenlik, maar bowenal gee regtig vir die mense in jou lewe om. Wees die beste jy wat jy kan wees! Vir God is dit genoeg. Hou jou oë op die Here. Spr. 3:5-6: Vertrou op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."

"*Carpe Diem*. Ek groet julle."

Juf. Lydia, juffrou vat 'n groot stuk van Kloof se hart saam met jou! Ons wens vir Juffrou net voorspoed en geluk saam met Juffrou se man en familie toe. Bowenal, geniet die kosbare tyd saam met die Skepper in die natuur waarvoor Juffrou so lief is.

Kloof groet Juffrou. *Dominus vobiscum*.

# Oud-Klofies: Jemma Catherine en Mionette Short, skitter helder in die popstermelkweg

**Lize Erasmus**

Jemma Catherine en Mionette Short was albei leerders van Hoërskool Waterkloof en is besig om diep spore in die musiekbedryf te trap. Mionette Short was skaars uit matriek, toe haar eerste treffer "Panado vir die Pyn" almal se *Spotify Playlists* oorgeneem het. Jemma se treffers "Alles Gee" en "Almal Het Iemand," is al twee al meer as 20 000 keer op *YouTube* gekyk.

**Op watter ouderdom het jy jou passie vir sang ontdek?**
***Jemma:*** Ek het op ses begin sing en skryf liedjies vandat ek 12 jaar oud is.
***Mionette:*** Ek was van kleins af mal oor die verhoog.

**Watter ander loopbaan sal jy volg, indien jy nie 'n sangeres gaan word nie?**
***Jemma:*** Ek studeer Verbruikerswetenkappe, so hopelik iets in daardie rigting.
***Mionette:*** Dit is tussen binneshuise argitektuur en *clothing retail*.

**As jy met enige ander musikant kan saamwerk, wie sal dit wees?**
***Jemma:*** Karen Zoid is vir my 'n groot inspirasie.
***Mionette:*** Elandré of Eloff.

**Wat is jou toekomsdrome?**
***Jemma:*** Om aan te hou sing! Ek leef tans my drome uit en dit is net die begin.
***Mionette:*** Ek wil groot hoogtes met my sangloopbaan bereik en 'n skoonheids- en aanlyn modewinkel begin.

**Wat is jou droomuitrusting waarin jy die Grammys sal bywoon?**
***Jemma:*** Beslis 'n Ellie Saab-uitrusting. Een van my gunstelingontwerpers.
***Mionette:*** 'n Unieke rok van *Asozar Boutique* of *Silverswallow Designs*.

**Waaroor sal jy eendag graag 'n liedjie wil skryf?**
***Jemma:*** Ek skryf nie met iets spesifieks in gedagte nie, maar later is daar 'n definitiewe tema. Dit is 'n vreemde proses, maar dit werk!
***Mionette:*** 'n Liedjie oor drome, om mense te inspireer om in hulle drome te glo.

**Wat is die grootste uitdaging in die musiekbedryf?**
***Jemma:*** Die *hurry up and wait*. Ek raak moedeloos as alles nie dadelik uitwerk nie.
***Mionette:*** Dit is 'n baie kompeterende bedryf.

**Oor watter drie eienskappe moet 'n goeie sanger beskik?**
***Jemma:*** Konsekwentheid, geduld en selfvertroue.
***Mionette:*** Hardwerkendheid, nederigheid en passie.



*Jemma Catherine*
*- Foto verskaf -*




*Mionette Short*
*- Foto verskaf -*

## *ONNIE-PERSOONLIKHEID*
# Mnr. Nico Pretorius

**Juan de Wet**

Van die gevaar om met sy vrou in 'n woordewisseling betrokke te wees, tot by 'n rugbyspeler in die *French* Top-14 en die afrigter van die o. 20-Carlton-liga se 2022-wenspan, is mnr. Nicolaas Pretorius beslis 'n man van sport en persoonlikheid.

By die skool is hy 'n LO-, Tegnologie- en IGO-onderwyser, terwyl hy na skool die o. 15-rugbyspan afrig. Verder behartig hy ook die o. 14- en die o. 16-rugbyspanne se skrumwerk en rig hy diskus en gewigstoot op die atletiekbaan af. In sy vrye tyd is hy 'n voëlkyker en geniet hy dit om sy geheime talent (om sy vrou kwaad te maak) te beoefen.

Voordat hy 'n paar vragies beantwoord, is sy raad aan Kloof: staan op vir die regte dinge en staan saam.

**As Meneer een dag met 'n bekende persoon kan deurbring, wie sal dit wees?**
Ek sal nie omgee om met Mel Gibson te gesels nie omdat ek sy films baie geniet. Ek kan seker nie met Channing Tatum gesels nie, *because he's gonna be channing all over my tatum.*

**Wat is Meneer se plan om uit die tronk te ontsnap?**
Ek sou *The Shawshank Redemption* se plan volg, basies net 'n gat deur die muur grawe.

**Watter Disney-prinses sal Meneer wil wees?**
Elsa, omdat ek vriende met Olaf wil wees.



*Mnr. Nico Pretorius*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

**As Meneer moet kies: spiere of verstand?**
Ek sou verstand kies omdat min dinge jou kan stop as jy intelligent is.

**Hoekom het Meneer 'n onderwyser geword?**
Ek geniet dit om met kinders te werk en om hulle lewens te verander.

**Wat is die vreemdste gewoonte van tieners wat Meneer nie verstaan nie?**
Hoe kan hulle so lelik met ander mense wees? Hulle pluk mekaar partykeer emosioneel uitmekaar uit. Ek voel dis onnodig.



## Ons groet:

# Juf. Johandri Kriek

Lyné Steyn

Juf. Johandri se nalatenskap hier by Kloof is groot. Nie net is sy 'n goeie Wetenskap- en Biologieonderwyseres nie, maar sy is sinoniem met omgee by Kloof; sy is die hartklop van die Klofie-spens. Sy word as 'n "Mattheus 6-mens" beskryf. As sy iemand help, gee sy sonder grense.



*Juf. Johandri*
*- Miracles Photography -*

**Wat is Juffrou se wens vir die Klofie-spens?**
Dat die spens nog meer, met varsprodukte, skryfbehoeftes en handboeke, sal uitbrei.

**Wat sal Juffrou die meeste van Kloof mis?**
Wel, omdat ek by 'n seunskool, Paul Roos Gimnasium, gaan skoolhou, sal ek definitief die dogters mis en die gees van al die kinders, want die vriendelikheid en die "Klofie-harte" is net anders.

**Wat is die snaaksste ding wat 'n kind al in Juffrou se klas gedoen het?**
So 'n paar jaar gelede was daar 'n dogter wat flou geval het terwyl ons longe opgeblaas en 'n disseksie gedoen het! Dit was nogal 'n storie.

**As Juffrou R10 000 gehad het om mense te help, waarvoor sou Juffrou dit gebruik?**
Ek sou 'n groentetuin wou vestig sodat die Klofie-spens volhoubaar is.

**Waarna sien Juffrou uit?**
Ek sien daarna uit om meer tyd saam met my kinders en my man deur te bring en om die mooi omgewing te geniet.

**As Juffrou plekke, met enige ander persoon wat ook by Kloof werk, kan ruil, wie sal dit wees?**
Ek sal tannie Erika Denysschen, die ontvangsdame wil wees, want sy weet presies wat oral aangaan. Ek dink sy weet van al die skindernuus!

# Juf. Imke van der Merwe

Miné Naudé



*Juf. Imke*
*- Miracles Photography -*

**Hoe het klein Emily vir Juffrou nuwe perspektief gegee?**
Ek is in die afgelope maande opnuut daarvan bewusgemaak dat God in beheer is.

**Is daar ander planne in die pyplyn, behalwe om mamma te wees?**
Ek sal met my sangloopbaan voortgaan en ek wil ekstra klasse vir leerders aanbied. Ek het ook lus om 'n nuwe besigheid op die been te bring.

**Wat sal Juffrou die meeste en die minste van Kloof mis?**
Ek sal dit mis om gedurende pouse met my vriendinne oor ditjies en datjies te gesels en om met die leerders gek te skeer.

**Wat beoog Juffrou om in hierdie hoofstuk van Juffrou se lewe te bereik?**
Ek wil my kind graag met goeie Christelike waardes grootmaak en haar dit sien uitstraal.

## Onnies se babas:

# Juf. Anneri en Michané

Krige Steyn

Saam met die Stoop-gesin se nuwe bondeltjie liefde, Michané, kom nuwe avonture en uitdagings. Juf. Anneri Stoop pak die verantwoordelikheid met deernis, empatie en onvoorwaardelike liefde aan.



*Juf. Anneri en Michané*
*- Foto verskaf -*

**Het Juffrou 'n bietjie tyd vir Juffrou-self?**
Wat is dit? Nee kyk, met 'n nuwe baba en 'n kleuter in die huis het 'n mens bittermin tyd. Die tydjie wat Michané slaap, was ek bottels of help mnr. Stoop merk.

**Het Juffrou raad vir nuwe ouers?**
Almal sê mos slaap as die baba slaap, maar dis nie asof die huis homself skoonhou nie. My raad is eenvoudig: luister na almal se raad en doen wat vir jou werk.

**Wat is sover die hoogtepunte saam met Michané?**
Om na daardie ogies te kyk wanneer jy haar voer, is die beste gevoel nog. Dit voel asof jy die beste ding is wat op daardie oomblik in haar lewe bestaan.

**Het Juffrou enige nuwe uitdagings met Michané?**
Sy is vreeslik soet en is vir my baie makliker hanteerbaar as Kiara. Maar om elke drie uur wakker te word terwyl die res van die huisgesin slaap, is maar uitdagend.

# Juf. Carli en Richan

Nicolas du Plooy

Dit voel soos gister toe ons juf. Carli met haar pienkvoetjie gelukgewens het en nou het 'n splinternuwe Webbertjie sy opwagting gemaak.



*Juf. Carli en Richan*
*- Foto verskaf -*

**Trek hy meer na Juffrou of Juffrou se man?**
Hy is sy pa uitgeknip. Hy het wel sy ma se frons gekry.

**Watter een was makliker, die seuntjie of die dogtertjie?**
Die tweede een is beslis makliker, want jy as ma is meer ontspanne. Hy slaap wel minder as sy sussie.

**Wat is tans julle grootste uitgawe: Pampers of petrol?**
Ek sou sê petrol - ons is gelukkig genoeg om nog die doeke te gebruik wat ons by die doekebraai ontvang het. Leanke (sy sussie) is egter ook nog op doeke.

**Neem julle darem skofte om die doeke te ruil?**
Wanneer die nood druk, ja, maar ek is hoofsaaklik verantwoordelik vir Richan se doeke en my man vir Leanke s'n. Sy deel nie haar pappa maklik nie.

# Mnr. Renier en Christoff

Ané Hartzer

Mnr. Renier de Villiers (Hoëprestasiebestuurder: Rugby) het tussen doeke omruil, 'n paar laat nagte en min slaap, 'n paar vrae beantwoord:



*Mnr. Renier en Christoff*
*- Foto verskaf -*

**Het Christoff se naam enige spesiale betekenis?**
Christoffel Petrus de Villiers. Hy is na sy twee oupas vernoem.

**Beskryf Meneer se seuntjie in tien woorde.**
Slim, pragtig, perfek, vriendelik, hartedief, bulletjie, buksie, sterk, dimpels en windering!


**Wat maak Meneer opgewonde oor die toekoms?**
Ek is baie opgewonde om te sien hoe hy tot 'n opgevoede jongman gaan ontwikkel.

**Wat is een van die belangrikste lewenslesse wat Meneer vir hom gaan leer?**
Hanteer ander mense met respek en hanteer hulle soos wat jy graag behandel wil word.

# Mnr. Bean en Elijah

Juan de Wet

Elijah, bynaam Beer, se naam kom van die profeet Elijah in die Ou Testament en hy is lief daarvoor om na *soft rock* te luister.



*Mnr. Bean en Elijah*
*- Foto verskaf -*

**Wat is vir Meneer die lekkerste?**
Dit is vir my wonderlik om te sien hoe ek en my vrou in ons huwelik groei. Pa-word het ook my idee van liefde en my prioriteite verander.

**Watter talent dink Meneer sal Elijah eendag hê?**
Ek dink dat hy mooi sal kan sing, omdat hy nou heeldag op ons skree.

**As watter Bybelse karakter hoop Meneer word Elijah eendag groot?**
Paulus, want maak nie saak wat met hom gebeur het nie, hy het steeds die goeie nuus verkondig.

**Is dit 'n feit of 'n mite dat 'n mens nie slaap as jy eers 'n baba het nie?**
Ek dink dit is 'n mite, want ek voel dat ons nou nog meer slaap.

# Juf. Annuska en Stefan

Marni Botha

Op 20 April is juf. Annuska en haar man se pragtige seuntjie, Stefan, gebore.



*Juf. Annuska en Stefan*
*- Foto verskaf -*

**Wat is vir Juffrou die lekkerste van ma-wees?**
Dit is vir my so spesiaal om sy babalyfie in my arms vas te hou terwyl hy slaap. Wanneer hy wakker is, staar hy met sy potblou ogies na my en dan smelt my hart.

**Het Juffrou se seuntjie al oulike gewoontetjies?**
'n Babatjie gaan deur verskillende fases terwyl hy/sy ontwikkel. Stefan het nou ontdek dat hy voete het. Hy hou kort-kort sy toontjies vas.


**Is hy 'n soet baba wat snags deurslaap?**
Daar is blykbaar nie so iets soos 'n stoute baba nie … maar nee, hy is nie 'n goeie slaper nie. Ons word so elke twee uur wakker gemaak.

**Gaan Juffrou 'n streng mamma wees?**
Ek weet nog nie hoe ek dit gaan regkry nie, maar 'n mens moet streng wees. Ek sal hom graag wil grootmaak om 'n mooi hart te hê.

# Juf. Heike en Danielle

Anica Ueckermann

Sy is die oplossing vir elke grommende maag en die verskaffer van die M&Ms wat tydens die Wiskunde-periode rondgestuur word. Maar nog belangriker: sy is nou ook die trotse mamma van haar dogtertjie, Danielle Ellis.



*Juf. Heike en Danielle*
*- Foto verskaf -*

**Is daar enige ervarings uit Juffrou se kinderdae wat Juffrou wil hê Danielle moet ervaar?**
Ek kon alles met my ouers deel. Ek wil net so 'n goeie verhouding met Danielle hê, as wat ek met my ma het.

**Wat is die hoogtepunt van ouerskap?**
Danielle se vrolike laggies, maak my hart sag. Ek is opgewonde om vir die res van my lewe 'n beste vriendin te hê.

**Is daar enige lewenslesse wat Juffrou geleer het vandat sy gebore is?**
Ek het besef dat ons dit moet prioritiseer om tyd saam as 'n gesin deur te bring. Dit is belangrik om die tyd wat ons saam het, te koester.

**Het Juffrou enige toekomsdrome vir Danielle?**
Ek hoop dat sy altyd vol selfvertroue sal wees en dat sy nooit sal verander of haar glimlag sal verloor nie.

# Cute Couple

Mia Appelcryn

Met agt maande agter die rug en nog vele meer wat in die toekoms wag, is Phillip en Nadine een van Kloof se wonderlike liefdesverhale. Die tweetjies pas perfek en is een van Kloof se *cuteste couples*.



*Phillip en Nadine*
*- Foto verskaf -*

**Hoe het julle ontmoet?**
**Nadine:** Die eerste keer was toe ons in graad 11 saam die vlae moes hys, maar ek dink dit was by 'n Klofieraad-dansoefening waar ons mekaar leer ken het.
**Phillip:** Ons het eers regtig op die Klofieraad-kamp begin gesels.

**Wat was sover die lekkerste *date*?**
Toe ons piekniek gehou het by Phillip-hulle se dam met sjampanje, kaas en vrugte. Later het ons tydens die sonsondergang op hulle huis se dak gesit en die uitsig geniet.

**Geniet julle eerder Valentynsdag of Kersfees saam?**
**Nadine:** Ons het nog nie 'n Kersfees saam deurgebring nie, maar ek geniet elke dag saam met hom, want ons het nie 'n spesiale datum nodig om die dag te geniet nie.
**Phillip:** Ons sal nie weet nie, want ons het nog nie Kersfees saam gevier nie, maar as ek moet kies, sal dit Kersfees wees, want ek weet sy kan kos maak.

**Wat is die belangrikste les wat jy al by hom/haar geleer het?**
**Nadine:** Om altyd hulpvaardig te wees, al is jy baie besig.
**Phillip:** Om die klein dingetjies in die lewe te waardeer.

**Wat doen julle graag saam?**
Ons stap of speel tennis.

**Wat is spesiaal aan jou maat?**
**Nadine:** Dat hy altyd 'n glimlag op sy gesig het as hy my sien, al het hy 'n lang dag gehad. Sy blou oë en blonde hare.
**Phillip:** Dat sy so 'n groot omgeehart het en my altyd ondersteun.

## KLOFIE-PERSOONLIKHEID

# Super Tjoop Juanco Maritz

Niel Voges

**Hy is 'n man met 'n glimlag. Iemand wat jóú definitief sal laat lag. Een van die onderhoofseuns van 2022 met 'n besige skedule en baie min tyd.**

**Beskryf jouself in een woord.**
Lekker

**As jy enige plek kan besoek, waarheen sal dit wees?**
Die wildtuin, of die plaas, maar ek sal eers 'n draai by McDonald's maak.

**As ons jou soek, waar sal ons jou kry?**
Jy sal my kry waar ek is, in my vel. Eintlik enige plek waar daar lekker musiek is.

**Wat is jou gunstelingaspek van skool?**
Pouse, natuurlik … maar ook die feit dat 'n mens soveel geleenthede kry en elke dag saam met jou vriende kan geniet.

**Beskryf jou matriekjaar in een sin.**
Besig, besiger, besigste!

**Wat is jou gunstelingvak?**
Biologie. Dit is vir my baie interessant en die klas is oor die algemeen net … lekker.

**Wat laat jou bloed borrel?**
Te veel huiswerk en wanneer mense oopmond kou.

**Waarna sien jy die meeste uit, na skool?**
Ek sien daarna uit om uiteindelik aan my loopbaan te begin bou. Ek wil nuwe mense ontmoet en die uitdagings van die grootmenswêreld aanpak.

**Buiten skool, waaraan spandeer jy die meeste van jou tyd?**
Ek speel muurbal en ry fiets. As ek regtig verveeld is, sal ek 'n boek begin lees.

**Wat maak jou gelukkig?**
My vriende en natuurlik my brak, Kolle.

**Wat is jou lewensleuse?**
Ek het nie 'n lewensleuse nie, maar ek glo vas dat harde werk altyd beloon word.

**Watter raad het jy vir volgende jaar se matrieks?**
Die jaar is soos Usain Bolt, dit hardloop te vinnig verby. Probeer dus alles wat jy kan … maar net alles wat goed is.



*Juanco Maritz*
*- Fotograaf: Miracles Photography -*

# Graad 9-veldskool: van stadsjapies tot wafferse Warthog-soldate

Je-Miné de la Rey en Marni Botha

Net voor die eindeksamen afskop en die graad 9's hulle junior fase groet, vertrek 380 energieke Klofies op 30 Oktober om deel van 'n hoogtepunt op hulle jaarkalender te wees: die veldskool! Die graad 9's was gereed om hulle stadskoene vir Bosveld-vellies te verruil. Die veldskool het by Warthog-Inn net buite Brits plaasgevind. Oom Marius en sy bekwame span het vinnig daarvan werkgemaak om, in sy eie woorde: "…hierdie Menlyn-brakkies 'n ding of twee te leer!" Modderbesmeerde lywe (en dis hoe jy die res van die veldskool deurgebring het), koue storte, boogskiet, spoorsny, boeresport, hindernisbane en lanternbekruip was aan die orde van die dag. Party Klofies het gesweet en ander het gebloei! Gelukkig was mnr. Nico met sy noodhulptassie gereed om almal gesond te dokter. 'n Magdom skraapplekke is opgedoen, maar elke skraapplek (soos deur die personeel van Warthog-Inn beskryf) is voorwaar 'n goeie herinnering! Vriendskapsbande is gesmee, strydbyle is begrawe en bowenal is daar gees gevang. Na twee dae se son, swem, swoeg en saam sweet, klim 380 "minder" energieke graad 9's terug op die bus na Waterkloof – vir altyd nooit weer dieselfde nie!

Dankie aan mnr. SJ, juf. Izelle en mnr. Dewald wat elke oomblik op kamera vasgevang het, sodat hierdie onvergeetlike ervaring, wat elke verwagting oortref het, ons nog vir lank sal bybly!





*- Fotograaf: Izelle Prinsloo -*




KULTUUR

# Toneel: Die kringloop van 'n fantastiese gemiddeld...

**Laureanne Geertsema**

Welkom in die wêreld waar robotte emosies het en reeksmoordenaars grimering dra. In Hoërskool Waterkloof se toneelruimte is dié scenario glad nie vreemd nie. 2022 het op verskeie plekke vir die Klofies verrassings ingehou en op die toneelverhoë was dit beslis geen uitsondering nie.

Gehore is hierdie jaar deur twee leerderproduksies vermaak: *Vrydagaand by Le Grand Néant* (deur Marnus Viljoen) en *Aureliaan* (deur Marli Viljoen). Hierdie produksies is 100% deur die leerders self behartig. Van die regie tot by die toneelspel was dit hulle eie handewerk en oorspronklike idees. En die twee toneelgroepe het behoorlik met dié meesterstukke deur Gauteng gereis. Die FAK Allegretto-kompetisie, wat by Hoërskool Hugenote aangebied is, was die Klofie-akteurs en -aktrises se eerste buiging op die verhoog. Die aand was beslis nie net "fantasties, gemiddeld" soos Michelle, een van die karakters van *Vrydagaand by Le Grand Néant*, sou sê nie. By die ATKV Tienertoneel-optrede ontvang Eunice Schermann van Aureliaan 'n goue toekenning vir haar toneelspel as Via Alexander. Laastens het ons Klofies die gordyn behoorlik laat sak by Pronk Podium te Hoërskool Zwartkop. Hier is Kloof deur 'n paneel bekendes in die filmindustrie beoordeel en soos verwag van ons puik akteurs, het hulle uitstekend presteer.

Die toneelseisoen is met 'n spogaand in die Kultuursentrum afgesluit. Die trane het dramaties gespat, want soos al die ander kultuurgroepe by Kloof, is die toneelleerders 'n familie en sal die matriekfamilielede beslis gemis word. Nietemin, toneelmatrieks van 2022, julle het julle stempel duidelik op ons kultuur afgedruk. Waterkloof se toneel sal op julle kreatiewe boustene voortbou. Dus, met 'n geoefende wuif van die hand, groet ons die 2022-toneelseisoen en sien met groot verwagting uit na die nuwe seisoen wat wink.



*Vrydagaand by Le Grand Néant deur Marnus Viljoen*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*



*Aureliaan deur Marli Viljoen*
*- Fotograaf: Vivienne Pio -*

# Bravo vir die Klofies by die ATKV-Buffelspoort-Finaal

**Nicolas du Plooy**



*Ruan Groenewald, Vanessa Ringane, Nika Meiring, Nicolas du Plooy, Hester Gondwe en Minnie Siluma.*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

Wat doen 'n mens by Buffelspoort? Nee, jy ry nie op die waterglytonnel en braai spekworsies nie, jy kyk ook nie voëltjies nie. Jy praat 'n hond uit 'n bos by die ATKV- Nasionale Redenaarsfinaal!

Dis 'n feit soos 'n koei dat dié kompetisie beslis 'n hoogtepunt op die kultuurkalender is! Daar was talle kranige sprekers, wat allerlei kreatiewe argumente so koel soos 'n komkommer aangevoer het. Hulle was almal so gladdebek soos straatverkopers wat 'n paar samoesas aan jou wil smous. Uit die 6000 leerders wat gepraat het dat die spoeg spat, is dit niks duskant 'n eer om jou provinsie en skool by die Nasionale Finaal te verteenwoordig nie. Ek belowe jou, Buffelspoort stel nie teleur vir diegene wat van bakboord na stuurboord gery het om die spoggeleentheid by te woon nie.

Vanjaar het Kloof niks minder nie as ses deelnemers (Nicolas du Plooy, Nika Meiring, Ruan Groenewald, Hester Gondwe, Vanessa Ringane en Minnie Siluma) wat na die finale rondte deurgedring het. Daar was ook 52 skole wat vir die Afrikaans Addisionele Taalafdeling ingeskryf het en daar is ons eie, Minnie Siluma in graad 9, as die naaswenner aangewys. Haar tema was Krake, met die onderwerp: "Die krake in die klaskamer". Die onvoorbereide toesprake was veral 'n uitdaging met aktuele temas soos: "Moet die Taalmonument se naam verander?"

Die gehoor se monde het van verbasing op die vloer gehang terwyl die gesoute klompie sprekers geredeneer het! Hierdie leerders doen nie net redenaars om te beïndruk nie, maar eerder om lewens te verander. Beslis 'n inspirasie vir die gehoor!



*Die konsertorkes tydens die galakonsert in die Afriforum teater.*
*- Fotograaf: Marlette Krüger -*

# Die Klofie-koor klim die toonlere van sukses

**Lillian van Staden**

Net soos wat 'n voëltjie hoër en hoër vlieg, bereik die Klofie-koor net hoër hoogtes. Die koor het 'n goue toekenning in die prestige-afdeling van die ATKV Applous-finaal verower! 'n Ongelooflike prestasie. Vanjaar was die eerste keer vandat mnr. Gert Pottas die koor in 2018 oorgeneem het, dat die koor na die finaal deurgedring het. Mnr. Pottas vertel dat die ATKV Applous-kompetisie die maatstaf, waarteen die Suid-Afrikaanse skoolkore hulself meet, is. "Dit word as die strengste koorkompetisie in die land beskou," sê hy. Die groot rede vir die hoë standaard is die wêreldklasbeoordelaars wat wêreldklassang van die deelnemende kore verwag.

Die Klofie-koor het egter nie net presteer nie. Elke koorlid se sang het ook deur die jaar verbeter en so het die koor se standaarde verhoog. Die koor bied die geleentheid aan die lede om hulself te kan uitleef en om in die musiek verlore te raak.

Alhoewel 2022 einde se kant toe staan, is daar nog 'n paar opwindende geleenthede wat vir die Klofie-koor voorlê, soos die finaal van die *Sing in Harmonie*-koorkompetisie vroeg in 2023 nadat hulle die wenners van die Noord-Streek was. Die koor neem ook einde Oktober aan die 1Koor-projek deel, waaraan byna 3000 koorlede deelneem. Die jaar word met 'n Kerssangdiens saam met Laerskool Elarduspark by die NG Kerk Elarduspark afgesluit.

2022 was 'n fantastiese jaar waarin die Klofie-koor die hande, die voete en die liefde van Jesus kon wees, saam kon presteer en saam kon sing.




*ATKV Applous*
*- Fotograaf: Salomé Geertsema -*

# Konsertorkes is nasionale wenners

Na twee stil Covid-jare het die konsertorkes weer nasionaal geskitter. Tydens die naweek van 7 tot 10 Oktober het 46 orkeslede saam met 'n groep ouers en musiekpersoneel na George gereis om aan Simphonia, 'n nasionale orkeskompetisie, deel te neem. Daar was genoeg tyd vir pret, maar die orkeslede was deurentyd gefokus en is uiteindelik as algehele wenners gekroon. Ons is baie trots op elke orkeslid en mnr. Eddie Clayton wat baie hard hiervoor gewerk en die trofee huis toe gebring het!

**Skandeer die QR-kode vir die koor en orkes se uitvoering van 'Lig op die Horison'.**

SCAN ME

# Dis 'n TV- en film-vierkuns vir die Swanepoels

**Jana Gous**

As 'n mens die Swanepoel-gesin daarvan sou verdink dat hulle vol drama is, sou jy nie verkeerd wees nie, want hierdie talentvolle Kloof-gesin spog nie net met één nie, maar met víér TV-sterre uit 'n gesin van ses kinders. Tussen hulle het Daniélle (gr.12), Thommi (gr.10), Méla (gr.8) en Lehan – wat nog in die laerskool is – al in meer as 11 televisieproduksies en films gespeel.

Alhoewel hulle nou baie bekend is, bly die Swanepoels plat op die aarde en lag hulle lekker oor al hulle ervarings. Die Klofiekan het met Daniélle, Thommi en Méla oor die verskeie rolle wat hulle vertolk en die films waarin hulle speel, gesels.

Daniélle vertolk die rol van Karla in kykNET se nuwe telenovelle *Diepe Waters* wat oor intriges rondom die professionele swemwêreld handel. Sy verduidelik hoe sy heel per ongeluk 'n rol losgeslaan het. "My jonger sussie was voor my in die bedryf en haar agent het 'n rol vir my ouderdomsgroep gevind. Ek het toe - teen my wil - 'n oudisie gedoen (eintlik net om my ma uit my kamer uit te kry) en die rol was myne."

Vir Daniélle is dit 'n groot voorreg om daagliks saam met haar toneelrolmodelle, Altus en Werner van *Getroud met Rugby* en Nadia Valvekens van *Binnelanders*, voor die kamera te kan wees.

Thommi speel in *Binnelanders* en in die produksies *Die Kloon* en *Nêrens Noord-Kaap*. In laasgenoemde vertolk hy die rol van die oudste van drie broers wat op 'n plaas in die Noord-Kaap grootword en hoe hulle lewens na die dood van hulle ma verander. Hier speel Thommi saam met sy jonger broer Lehan, wat ook sy jonger broer in die drama is. Vir Thommi is die lewe op stel groot pret; almal voel naderhand soos jou eie familie. Hy was skoon hartseer toe hulle klaar verfilm het. Nogtans voel Thommi dat hy toneelspel net as 'n stokperdjie wil doen, en dat dit nie noodwendig iets is wat hy vir die res van sy lewe wil doen nie.

Méla daarenteen, sê dat sy beslis nooit met toneelwerk wil ophou nie en sy is omtrent bedrywig. Sy speel in die produksies: *Monster in my kas, Getroud met Rugby, Dinge van 'n kind, Lioness, The camp* en 'n nuwe kykNET-film wat in Maart 2023 begin - *Geduld is 'n virtue*. Maar dié jong aktrise wil baie graag ook medies gaan studeer. "Ek hoop om tussen my studies deur steeds tyd vir televisiewerk te kry." Méla geniet die uitdaging om in 'n ander karakter se skoene te klim en haar lewenswêreld te probeer verstaan, selfs al is dit glad nie soos haar eie lewe nie. Luister 'n mens na Méla, besef jy dat TV-werk nie altyd romanties is nie. "Televisie het my op tien al geleer om baie hard en vir lang ure aan te hou werk, ongeag hoe moeg jy is. Ek het ook geleer hoe om my man in 'n baie harde grootmensbedryf te staan," sê sy.



*Daniélle, Thommi en Méla Swanepoel.*
*- Foto verskaf -*

**Die Klofiekan het 'n paar vrae aan ons TV-sterre gestel:**

**DANIÉLLE**

**Is daar enige ooreenkomste tussen jou en jou TV-karakter, Karla?**
Ons is eintlik wêrelde uit mekaar, maar ons het beide 'n sarkastiese streep wat ek baie geniet.

**Wat is die uitdagings rondom TV-werk?**
Ek is nie 'n mens wat baie stres nie, maar omdat ek nuut in die bedryf is, baie skool gemis het en besig was met rekordeksamen, was dit nogal 'n uitdaging.

**Het jy enige lewenslesse hieruit geleer?**
Jou familie is die mense wat altyd daar vir jou sal wees wanneer jy moeg of moedeloos is.

**THOMMI**

**Hanteer jou vriende jou anders as gevolg van jou TV-status?**
Van hulle doen, maar dis net wanneer hulle grappies maak en sê hulle ken 'n *famous* persoon.

**Watter lewenslesse het jy hieruit geleer?**
Geduld, want daar is dae wat jy lank skiet en dan moet jy kan uithou tot die einde.

**MÉLA**

**Hoe het dit gebeur dat jy in hierdie TV-produksies beland het?**
Ek het in twee kortfilms gespeel, waarna ek gevra is om 'n oudisie vir *Monster in my kas* te doen. Daarna was ek baie geseënd om vinnig ander rolle te kry, waarvoor ek baie dankbaar is.

**Het jy formele dramaklasse gehad?**
Ja, ek het drama en redenaars op laerskool gedoen, maar nooit formeel klasse gehad nie, want dans het te veel van my tyd geneem.

**Mis jy baie skool as gevolg van verfilming en hoe hou jy met die skoolwerk by?**
Ek het baie skool gemis, ja. Gelukkig het ek wonderlike vriende wat vir my die werk stuur en die onderwysers is uiters geduldig met my swak skoolbywoning.

## Filmresensie

**Michaela Smith**

### *The Lord of the Rings: The Rings of Power*

Op 1 September 2022 is die eerste episode van *The Rings of Power* vrygestel. In die eerste seisoen is daar agt episodes, maar daar is klaar sprake van 'n tweede seisoen. *The Rings of Power* vind sowat 'n vierduisend jaar voor die gebeure van *The Lord of the Rings* plaas. Dit kan beskryf word as 'n voorganger van die films wat van 2001-2003 vrygestel is. Dit speel af in 'n tydperk in *Middle-earth* waarna verwys word as die Tweede Eeu, want die tyd in hierdie wêreld is oor belangrike gebeure oor die wêreld heen verdeel. Die Derde Eeu, waar Sauron na sy ring op soek is, is baie ver van die gebeure van hierdie reeks verwyder.




*Lord of the Rings* fokus op Sauron se beheer-ring. Hierdie goue ring is ontwerp om die leiers van die Dwerge, Elwe en die Mense, wat kragtige towerringe as geskenke ontvang het, te manipuleer. Sauron se ring, *The One Ring*, het 'n poging om mense van *Middle-earth* te verenig, na 'n groot oorlog teen Sauron se ou baas, Morgoth, in die wiele gery. The *Rings of Power* is die storie wat oor die ontwerp van Sauron se ring handel. Dit handel oor die geskiedenis en die politiek van *Middle-earth* na 'n wrede oorlog en die pogings om daarna te herstel. Dwerg-koninkryke is glorieryk in teenstelling met *The Lord of the Rings* waar hulle in ruïnes woon.

Die twee gewildste karakters is Galadriel en Elrond. In die reeks is hulle jonger en besit hulle minder status as in die flieks. Galadriel, gespeel deur Morfydd Clark, is 'n jong krygsbevelvoerder gevul met wraak na haar broer se dood, terwyl Elrond (Robert Aramayo) poog om status deur die politiek te verkry.

Die reeks kry 3.2 sterre.

## Musiekresensie

**Anica Ueckermann en Anja Maranta**

### *Kragtig uit die tagtigs*




Die 80's was 'n keerpunt in die geskiedenis van musiek. Met nuwe tegnologie, kon kunstenaars verskeie byklanke en oorvleuelings in hulle musiek inkorporeer. Die tydperk se musiek word gekenmerk deur lirieke en visuele kreatiwiteit wat voorheen nog nie gesien is nie. Buiten dit, is die lirieke en die melodieë ook anders as vantevore benader. Kunstenaars het nou gepoog om musiek te skryf wat maklik herkenbaar is met eenvoudige, maar emosionele lirieke wat herhaal. Hierdie eienskappe van musiek kan eenvoudiger beskryf word deur die term, 'n oorwurm. *Punk rock, heavy metal* en tradisionele *rock* het in ander genres ook begin deurslaan. Hierdie tydperk van musiek het ook 'n meer liberale benadering gehad en musiek is geskryf om kontroversiële standpunte deur middel van aangrypende lirieke weer te gee.

*Girls just want to have fun* van Cyndi Lauper, *Don't stop believing* van Journey en die bekende *Never gonna give you up* van Rick Astley is enkele voorbeelde van die 80's se musiek wat steeds deur musiekliefhebbers waardeer word. *The Joshua Tree* is maar net een van baie albums wat die lig in die 80's gesien het en steeds 'n treffer is.

*The Joshua Tree* is 'n wêreldberoemde album waarvan al meer as 25 miljoen kopieë verkoop is. Die album bevat bekende liedjies soos: *Where the Streets Have No Name, With or Without You en I Still Haven't Found What I'm Looking For*. Hierdie album is in 1987 deur die Ierse *rock band*, U2, wat uit vier lede: Bono, The Edge, Adam Clayton en Larry Mullen Jr bestaan, vrygestel.

Die naam van die album, *The Joshua Tree*, verwys na die profeet, Joshua, wat sy hande in gebed opsteek. Toe Bono hiervan uitvind, het hy verklaar dat dit die naam van die album sal wees.

*The Joshua Tree bevat* elemente van *rock, folk, blues* en *country* musiek met 'n kenmerkende rustigheid en nostalgie. Dus pas dit perfek by die 80's se musiek. Die 11 liedjies in hierdie album kan deur alle ouderdomme geniet en steeds vandag geluister word. Dit is beslis 'n meesterstuk wat die erkenning wat dit ontvang, verdien.

# Ondersoek: Watter beroep roep jou?

**Vivienne Pio, Anja Maranta, Kayla Strydom, Mia van der Walt, Krige Steyn**

Generasie Z is grootgemaak met die idee dat ons enige iets kan word wanneer ons groot is. As klein kindertjies het ons oë en drome wyd oor die moontlikhede gestrek. Nou, op die drumpel van volwassenheid, besef ons egter: om 'n prinses of 'n marsmannetjie te word, is makliker gesê as gedaan. Moet tog nie moed opgee nie, want die beroepswêreld is deesdae tog so wyd, 'n marsmannetjie is omtrent die enigste ding wat jy nie kan word nie! Die Klofiekan het ondersoek ingestel oor fassinerende beroepe wat deesdae gevolg kan word:

### Musiekterapeut

As jy 'n musikale siel is, wat ander wil help, is musiekterapie die perfekte rigting vir jou. 'n Musiekterapeut is iemand wat musiek binne 'n terapeutiese omgewing gebruik om mense met emosionele of geestesgesondheids-, asook leerprobleme of fisiese gestremdhede, te help. Musiekterapeute het baie geduld, empatie en kreatiwiteit nodig. Hulle musikale vermoëns moet ook baie goed wees. Hierdie beroep vereis 'n vier jaar graad in musiek of 'n verwante veld soos spraakterapie, onderwys, maatskaplike werk, arbeidsterapie of sielkunde, wat dan natuurlik met sterk musikale vaardighede gepaard gaan. 'n Mens kan die rigting aan die Universiteit van Pretoria studeer met toelatingsvereistes van 50% vir Musiek en 60% vir Engels.

### Neurosielkundige

'n Neurosielkundige is 'n sielkundige wat in die verhouding tussen die brein en die gedrag van mense spesialiseer. Neurosielkundiges behandel mense met breinbeserings en met neuro-siektes soos Alzheimers en Parkinsons.

Jy benodig 'n meestersgraad in Neurosielkunde om te kan praktiseer. Hierdie kwalifikasie kan slegs by UCT voltooi word. Jy benodig 'n 70%-gemiddeld vir jou honneursgraad in sielkunde om daarvoor gekeur te word. Voordat jy 'n honneursgraad kan voltooi, moet jy 'n graad met sielkunde as vak verwerf, bv. Fisiologie of BA-algemeen. Om keuring vir BA-algemeen te kry, benodig jy 'n NSS (Nasionale Senior Sertifikaat), 60% vir Engels *FAL/HL* en 'n TPT-punt van 30.

### Wingerdboukundige

Hierdie beroep is so oud soos die berge, maar gebruik tog splinternuwe tegnologie en die fassinerende wetenskap rondom mikrobiologie. Wingerdboukundiges is verantwoordelik vir alle stappe van die wynmaakproses, d.w.s. die oes van druiwe, fermentasie, monsterneming en bottelering.

Die *Elsenburg Agricultural Training Institute* in Stellenbosch bied 'n drie jaar kursus in B.Agric-keldertegnologie aan. Die toelatingsvereistes is soos volg: 'n NSS met 'n gemiddeld bo 55%, 50% vir Huistaal, 50% vir Wiskunde (60% vir Geletterdheid), 50% vir Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe of Landbouwetenskappe.

### Voldoeningsbeampte

'n Voldoeningsbeampte verseker dat besighede die vele regulasies van die finansiële dienste-bedryf nakom, maar ook die besigheid se interne beleide en prosedures volg. Om 'n voldoeningsbeampte te word, moet jy 'n BCom-graad in Ondernemingsbestuur voltooi. Vir hierdie graad aan die Universiteit van Pretoria, moet jy aan die volgende vereistes voldoen: 'n NSS met 60% in Engels Huistaal of Addisionele Taal, 50% in Wiskunde en 'n TPT-telling van 30.

### Aandele-navorsingsanalis

Die primêre rol van 'n aandele-navorsingsanalis is om aanbevelings te maak om enige finansiële sekuriteite te koop, te verkoop of te hou. Hulle berei 'n verslag voor gebaseer op die finansiële state van 'n maatskappy en ontleed kostes, inkomstes en risiko's in die maatskappy.

Om 'n aandele-navorsingsanalis te word, oorweeg die BCom-Beleggingsbestuursgraad aan die Universiteit van Pretoria. Dit is 'n drie jaar graad. Die toelatingsvereistes is 'n NSS met 60% in Engels Huistaal of Addisionele Taal, 70% in Wiskunde en 'n TPT-telling van 32.

### Maritieme reg

Maritieme prokureurs is gelisensieerde prokureurs wat fokus op regte wat met die see, oseane en ander oop waterliggame, soos omgewingskwessies of werksomstandighede verband hou. Om vir 'n Maritieme Regte-program in aanmerking te kom, moet studente 'n LLB-Regtegraad behaal. Dit word by universiteite soos die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Kwazulu-Natal aangebied. Om vir dié program oorweeg te word, moet die aansoeker 'n erkende voorgraadse kwalifikasie in Handel, Regte, Ingenieurswese of Wetenskap of 'n gelykwaardige sertifikaat van bevoegdheid van 'n erkende maritieme agentskap hê, byvoorbeeld volle lidmaatskap by die *Institute of Chartered Shipbrokers.*

### Biomediese Ingenieurswese

'n Biomediese ingenieur kombineer tegnologie en mediese sorg om mense wat swaarkry se lewens te vergemaklik. Hulle ontwerp masjiene en produkte om die doeltreffendheid van pasiëntesorg te verbeter en is daagliks op soek na nuwe maniere om die ruimte tussen ingenieurswese en biologie te verklein. Hierdie beroep is ideaal vir iemand wat goed is daarin om probleme te analiseer en op te los om die wêreld 'n beter plek te maak. Jy kan Biomediese Ingenieurswese by die Universiteit van die Witwatersrand, die Universiteit van Stellenbosch, of die Universiteit van Kaapstad studeer indien jy bo 60% in Engels, Wiskunde en Fisiese Wetenskappe behaal.

### Kopieskrywer

Kopieskryf is een van die belangrikste elemente van advertensies en bemarking. Dit is die proses om oorredende woorde (bekend as kopie) te skryf wat mense inspireer of motiveer om 'n spesifieke aksie te neem.

Die *Vega School* bied 'n drie jaar, BA-graad in kopsieskryf aan. Hulle het kampusse in Pretoria en Johannesburg en die kursus kan ook aanlyn voltooi word. Dit fokus op die bevordering van die vermoëns wat benodig word om betekenisvolle strategiese boodskappe te skryf en om kreatiewe konsepte vir handelsmerkkommunikasie uit te vind. Die enigste vereiste is 'n NSS.

### Virologie

In Virologie word jy geleer hoe virusse werk: hoe dit versprei, hoe om dit te identifiseer en die opsies vir behandeling. Jy sal vir vier jaar BSc-Mikrobiologie of in 'n ander BSc-rigting moet studeer - waarvoor jy bo 60% vir Engels, Wiskunde en Fisiese Wetenskappe moet hê. Daarna moet jy 'n honneursgraad in Mediese Virologie behaal. Jy kan by die Universiteit van Pretoria, Bloemfontein, Stellenbosch, Limpopo of Kwazulu-Natal studeer. Jy sal virologie geniet as jy 'n nuuskierige persoon en 'n kritiese denker is. Jy moet kalm onder druk kan bly en goeie kommunikasievaardighede hê.

### Kurator

As jy 'n liefde vir kuns, geskiedenis of ontwerp het, is 'n kurator beslis 'n beroep wat jou aandag sal trek. 'n Kurator is 'n persoon wat in 'n museum of galery werk met die opdrag om kuns- of kulturele stukke te bewaar en deur middel van uitstallings te organiseer. Om hierdie beroep te beoefen, benodig jy 'n Kuns- of Wetenskapgraad met 'n hoofvak in 'n relevante area soos: Antropologie, Argeologie, Beeldende Kunste, Geskiedenis, Kultuurstudies, Sterrekunde, Biologie of Omgewingswetenskappe (verkieslik op honneursvlak). Jy kan hiervoor by plekke soos *The Wits School of Art of Michaelis School offine Art Curatorship* studeer.

### QR-kode hulpbronne:

Skandeer die volgende QR-kodes om toegang tot verskeie hulpbronne rakende beroepsvelde te kry.

***Jy het geen idee waar jou belangstelling lê nie? Neem die volgende aanlyn toets!***
*https://www.gostudy.net/maties/assessment/bbf98beb-734b-411b-8285-08224a9c7f28?1=1*

***Wat moet ek oorweeg wanneer ek 'n beroep kies?***
*https://www.louwdevelopment.com/blog/main-things-to-consider-when-helping-your-teenager-choose-a-career*

***Ek het nie Wiskunde of Wetenskap nie … wat nou?***
*https://www.news24.com/w24/work/jobs/5-careers-that-dont-necessarily-require-maths-20161223*

*https://www.e2studysolution.com/news/7-best-courses-if-you-hate-math-or-science/*

***Stel jy miskien in landbou belang?***
*https://www.elsenburg.com/wp-content/uploads/2022/01/10032644JB_Careers-in-Agriculture-Brochure.pdf*

**Bibliografie**

*CA Financial Appointments. 2020. How To Become a Compliance Officer. Aanlyn beskikbaar by: <https://ca.co.za/blog/how-to-become-a-compliance-officer/&gt.*

*Srivastav, A., 2022. Equity Research Analyst. WallStreetMojo. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.wallstreetmojo.com/equity-research-analyst/&gt.*

*Vegaschool.com. 2022. Creative Brand Communications Degree (BA) - The IIE's Vega School. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.vegaschool.com/full-time/bachelor-of-arts-in-copywriting/ &gt.*


*Pietro, M.A.D. (2017) Neuropsychologist: Definition and patient education, Healthline. Healthline Media. Aanlyn beskikbaar by: https://www.healthline.com/health/neuropsychologist#:~:text=A%20neuropsychologist%20is%20a%20psychologist,alter%20behavior%20and%20cognitive%20function.*

*Elsenburg Agricultural Training Institute (no date) Western Cape Government. Western Cape Government. Aanlyn beskikbaar by: https://www.elsenburg.com/elsenburg-agricultural-training-institute.*

# Hoofleiers 2023:

## Hoërskool Waterkloof se nuwe regering

**Ané Hartzer en Laureanne Geertsema**



*Wilmarie en Alwyn*
*- Fotograaf: Danté Theron -*

Elke goeie einde het 'n opwindende nuwe begin. Die Klofiekan het met 2023 se hoofseun, Alwyn Marais en hoofdogter, Wilmarie Nolte, gesels.

**WILMARIE**

**Wat maak jou opgewonde oor die komende jaar?**
Die feit dat ons maskerloos is en dat ons nou die *Lig op die Horison* kan gebruik om 'n ongelooflike jaar te hê en 'n *Liefdesgenerasie* te kan skep.

**Wat is jou lewensleuse?**
Omhels elke geleentheid, "glimlag 'n bietjie toe!" en onthou: *A smooth sea never made a skilled sailor.*

**Is daar enige tradisies by die skool wat jy sal wil verander?**
Iets soos 'n dag wanneer almal met hulle skoolklere in die swembad spring.

**Watter raad kan jy vir die Druppels van 2023 gee?**
Wees betrokke, gryp elke geleentheid aan, ondersteun jou graad, hou vas aan jou geloof en maak elke oomblik in die hoërskool 'n onvergeetlike herinnering.

**Wat is vir jou die mooiste deel van ons skoolterrein?**
Die vierkant, danksy die pragtige blou en geel seildakke. Ook omdat dit die plek is waar ons as 'n skool ontmoet.

**Wat is jou droom vir die skool vir 2023?**
My hoop is dat die skool as 'n eenheid werklik 'n liefdesgenerasie kan wees.

**ALWYN**

**Julle tema vir 2023 is "Liefdesgenerasie". Hoe het hierdie tema ontstaan?**
Ons wil leerders se seer na Covid herstel. Ons wil elke leerder in die skool laat voel dat die skool is 'n plek van eenheid en liefde is.

**Is daar vir jou 'n spesiale stukkie grond op die skoolterrein?**
Die atletiekbaan. Dit is waar ek myself vir die eerste keer aan die skool bewys het. Die atletiekbaan is 'n plek vol emosie.

**Waterkloof is meer bedrywig as ooit. Watter raad het jy vir die seniors om te oorleef?**
Neem alles stap vir stap. Moenie te veel bekommer oor die goed wat jy nie kan beheer nie. Werk aan die probleem wat jy op die oomblik moet hanteer.

**Watter woord beskryf vir jou en Wilmarie as 'n span die beste?**
Sinergie.

**Wat is jou missie ten opsigte van die seuns vir 2023?**
Dat die seuns mekaar werklik as broers sal sien en dat hulle vir die skool en mekaar sal opstaan.

**Watter nuwe tradisies sal jy wil implementeer?**
Ek wil eerder ou tradisies wat verlore gegaan het, weer laat herleef. Ek sal vlagparade so groot wil maak dat die personeel nie vergadering sal kan hou nie.

**Wat is jou droom vir die Klofieraad van 2023?**
Die Klofieraad moet 'n goeie graad 8-groep bou, wat aan die waardes wat ons vir hulle leer, sal vashou sodat ons kan trots wees op die graadgroep wat ons agterlaat.

Wilmarie en Alwyn, Waterkloof is seker dat julle die skool tot nuwe hoogtes sal lei. 2022 was die jaar wat die grense en die stilte van Covid verbreek het en 2023 sal die jaar wees waar die Klofies die lig op die horison, as een groot liefdesgenerasie sal sien.

# Huis Kloofsig spog met nuwe hoofleiers

**Casey Robertson**

**Fralize van der Hoven** en **Tjaart van der Walt**, nuutverkose koshuishoofleiers vir 2023, se motto is: "Die toekoms is volmaak in Huis Kloofsig!" Hulle persoonlikhede komplimenteer mekaar om die perfekte kombinasie vir uitstekende hoofleiers te vorm. Fralize beskryf haarself as 'n ekstrovert wat altyd 'n grappie het om te vertel, maar tog passievol en gefokus is. Tjaart is egter "kwaai," maar ook spontaan en hardwerkend. Huis Kloofsig, tesame met die nuwe hoofleiers, het reeds hulle debuut gemaak deur die kaskarresies, tydens die skool se verjaarsdagvieringe, te wen.



*Fralize en Tjaart*
*- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -*

Beide die hoofleiers het groot drome vir die koshuisfamilie en streef daarna om hulle beste te gee en waar nodig, ondersteuning te bied. Met hierdie leiers aan die stuur, sal Huis Kloofsig beslis na die sterre kan reik!




*- Fotograwe: Marlette Krüger, Matthys Greeff, Vivienne Pio, Limé van der Nest, Janneke Vahrmeijer. -*

# Kreatiewe Skryfwerk

**Ons publiseer graag drie opstelle wat die afgelope jaar onder eksamenomstandighede deur drie van ons graad 12-leerders geskryf is: Marli Viljoen (English Home Language), Lisa van der Merwe (Afrikaans Huistaal) en Benno Strydom (English First Additional Language).**

## A LONG TIME AGO IN A GALAXY FAR AWAY

**Marli Viljoen - Grade 12, English HL**

"Dad, I'm bored!' If I hear these pesky little words again… someone might not make it out alive. In this case, anyone can be a victim.

I examine my son. Toby is staring at me with his doe-like eyes and silently pleading to put an end to his misery. I shift between piles of boxes and crates littering the garage floor.

It is always the same story. After a few days stuck at home during summer break, nothing appeals to you anymore. My eyes scan the boxes. They are filled with old clothes, my university textbooks and knick-knacks we gathered over the years as a mundane family.

I find a box that has not been one of my victims yet. It is labelled in my sloppy, teenage handwriting from many years ago. I open it. Toby watches me like a hawk keeping an eye on its prey. The dust flies around me as I am hit with nostalgia.

1977. The summer of 1977 to be exact. I expected to spend most of my days reading comics, riding my bike around the neighbourhood and causing minor trouble with my friends. It was the basic everyday itinerary for an eight-year-old. That summer, everything changed due to a little, somewhat low budget, space fantasy film called "Star Wars."

I was mesmerised. Finally, it felt as if I had something that belonged to me and only me. I did not collect baseball cards and I did not play football. I was too gangly and lean for the sport anyway. Even the coach at school told me that. The binoculars resting on the bridge of my nose did not help my case. Now I had something that meant more than petty baseball cards and a flat football.

I found a new hobby: playing pretend. My mind was stuck on the science-fiction like the needle of a turntable that is stuck on a vinyl. I recall I raided the household cupboards for old broomsticks to use as light sabres. I begged my mom for her black robe to portray Darth Vader. My sister's poor Golden Retriever, Fudge, was tricked into playing Chewbacca – that is the power of chicken-roasted-flavoured treats.

The imagination of George Lucas inspired me to become a filmmaker. I have the need to create the same classic stories to inspire people the way I felt inspired.

"Dad?" Toby's whining pulls me back into reality. "Right", I clear my throat and grab the box. We march into the dining room with the memorabilia of my childhood inside the flimsy cardboard box. Action figures, VHS tapes and posters of a young Mark Hamill, as well as light sabres I received for my tenth birthday.

Toby's fingers play along the lines and dust of my collection. His eyebrows pique with curiosity. I hand the fictional weapon of war to my son and watch as his eyes widen.

"Do you want to know what this is?"

Toby nods his head vigorously.

The excitement bubbles inside of me and I match Toby's giddiness. I will give him his own "1977" experience or perhaps something more powerful than that.

So, I start with the same ten words that intrigued me.

A long time ago in a galaxy far, far away ...

## JUDAS IN JOHANNESBURG

**Lisa van der Merwe - Graad 12, Afrikaans Huistaal**

Die lug is grou, verstikkend grys. 'n Klam koue kom sit aan my vas. Daar iewers op die rand van my gewaarwording, klink die kras uitroep van 'n motor se toeter weer en weer… Die koggelroep van die vorige lewe. Ek verdwaal in my gedagtes – soos 'n ruimtevaarder sweef ek alleen deur die heelal. Ek sien die aarde in die verte. Ek weet nie of ek vlieg of val…

Op die oorkantste sypaadjie skarrel mense bymekaar verby, haastig op pad na 'n gekose bestemming. Anders as ek. Hoë hakke klik-klak oor die ongelyke plaveiselstene. Baadjiemoue swiesj- swiesj teen baadjielywe soos die eienaars doelgerig vorentoe beur. Die gemurmur van 'n duisend selfoongesprekke zoem soos 'n swerm bye om my kop. Ek kyk nie eers op nie. Kruip net dieper onder my aalmoeskombersie in. 'n Eensame traan veg sy pad oop tussen die stoppels op my gesig. Rol… rol… en drup dan op die hand wat my pantser teen die wêreld vasklou. Wat het van my geword?

Ek was ook eens deel van die lewe oorkant die pad. Ja, ek het daardie wêreld aan my voete gehad. Sukses was my middelnaam. My lewe was vol kleur en klank. Helder en hard. Só anders as nou.

Elke dag het ek siele op die leer na sukses, vertrap. Mense gebreek. Aand na aand het die geklingel van kristal rondom my opgeklink. Ek het my met die beeldskones en belangrikes omring. Ek het gedans, gelag, geleef… Aan vriende was daar nooit 'n tekort nie. Milde sonskyndae op goue strande, langs asuurblou oseane was vir my die alledaagse. Ek was Mammon. Die god van geld. My koninkryk gebou op vernietiging, verloëning, verraad…

Ek het my siel vir dertig stukke silwer verkoop. Judas in Johannesburg.

Hulle sê alle goeie dinge kom tot 'n einde. Dit het. Die val was vinnig. Mooiweersvriende het soos mis voor die môreson verdwyn. Leë verhoudings; kristalskerwe aan my voete. Asuurblou waters word troebel, donker dieptes. Die goue son, geroeste tralies in die vensters van die grou selmure.

Walging stoot in my keel op. Hartseer verlatenheid kom sit in my bors. Neem elke greintjie spasie op. Ek is weer vry, maar ek bly aan die littekens van my wonde vasgeketting. Ek is melaats. Eenkant. 'n Weggooimens. 'n Parkbankbewoner onder 'n aalmoeskombers. In 'n ander se klere; vreemde skoene aan my voete. Uitgeleef en afgedaan.

Ek is 'n ruimtevaarder. 'n Judas swerwend deur die heelal – sonder opvangs, sonder sein. Ek volg 'n koers wat ek nie ken nie: tot ek in die niet verdwyn.

## DNA: THE MENACING MOTHER OF LIFE

**Benno Strydom - Grade 12, English FAL**

Like the stars paint portraits in the cosmos, so she weaves perfection – and imperfection – through every fibre of our bodies.

She is an artist and we are her canvas.

They call her the mother of all life. Her dress, a magnificent blend of nitrogens, phosphates and sugars, twists endlessly out of control with uttermost precision to organise seemingly infinite proteins into perfectly flawed mortals.

Like a mother, she nurtures and provides us with conscientiousness, intelligence, love and creativity. She gifts us with tremendous tools of craftsmanship, vision and movement. And over the millennia she has raised us from our traumatic childhood on the plains of Africa into multilingual marble-dominating teenagers.

But… She is also a relentless behemoth not afraid to add insult to injury.

She abuses us with anxiety, depression, dementia and a plethora of other mental disorders. She taunts us with conditions like cancer, down syndrome and scoliosis. And as if that is not enough, those that she does not favour will be mercilessly bent out of shape and struck down.


To those who have everything, she provides more and from those who have nothing, she takes all.

At night we occasionally meet her. We hear her screams, smell her hatred and glimpse her alluring yet atrocious image, which we will meet fully only in death.

Suffering is in her DNA – as she breathes in ours.

However, every dark canvas has a silver lining. We are entering adulthood now and may be on the verge of leaving our abusive childhood home – deciding for ourselves who and what we want to become – courtesy of genetic engineering.

But for now, her canvas is complete – a bizarre mix of animal and God. She is what we have come to know as the human condition – she is our genome, she is our savage mother.



*As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.*

"My ore is groot; ek hoor alles."

"Meneer, dis warm hier in Afrika."

(Na liefde by die dam.) "Daar is nie eers 'n gedagte in my kop nie."

"Ek is nie vet nie, ek is ongemaklik fris."

"Sy praat so baie, maar sy sê niks nie."

"Ek het al vier keer my rooster verander en op 'n manier het ek steeds nie my wiskundejuffrou verloor nie."

# Het jy gehoor?

**Nandi Gous**

"Ons gaan die naweek Parys toe. Nie *oui oui* nie, Vrystaat."

"Dit is amper so droog soos my grappies."

(Kry rapport terug.) "Ek huil nie … my oë sweet net."

Juffrou: "Ag, daar struikel ek nou oor my woorde." Faber: "Ek het gewoonlik daardie effek op mense."

"Met sy oranje hemp, lyk mnr. Harris vandag soos 'n *fancy* appelkoos."

"Die verkeer in die gange is erger as die N1 oor paasnaweek."

"Ek het nie 'n meisie nie, maar ten minste het ek *cryptocurrency*."



Meng-en-pas Antwoorde: 1) B; 2) A; 3) G; 4) I; 5) E; 6) C; 7) J; 8) D; 9) K; 10) F; 11) N; 12) H; 13) L; 14) M

# Matriekafskeid 2022












- Fotograaf: Miracles Photography -








# Mej. Waterkloof, Chevanne Willemse, maak 'n verskil met KANSA

Miné Naudé

**Wat behels jou projek met KANSA?**

My projek met KANSA was om die stryd teen kanker in Suid-Afrika te ondersteun. Die *Shavathon* help KANSA om finansieel by te dra tot 'n unieke, geïntegreerde diens aan die publiek en aan alle mense wat deur kanker geraak word.

**Hoekom KANSA? Is daar enigiets wat jou aandag op die spesifieke projek gevestig het?**

Kanker verwoes mense se lewens, nie net die persone wat die siekte het nie, maar almal wat na aan die slagoffer is. Daar is so baie slagoffers en families wat nie die finansies het om behandeling te kan bekostig nie en omdat kanker na aan my hart is, het ek gevoel KANSA het die vermoë om mense se lewens te verander.

**Wat beoog jy om met die KANSA-projek te bereik?**

Ek het gemik om R15 000 vir KANSA in te samel; Waterkloof het saamgestaan en ons het R18 400 ingesamel. 50 seuns het hulle hare afgeskeer en 13 dogters se poniesterte is geskenk. Die skool het ongelooflike ondersteuning gebied waarvoor ek baie dankbaar is.

**Wil jy die projek na 2022 voortsit? Indien ja, wat is jou planne met die KANSA-projek?**

My wens is dat die skool elke jaar 'n *Shavathon* sal hou. Ek wil in die toekoms die projek uitbrei en dit in 'n deurnagwedloop vir KANSA verander.

**Was daar 'n spesiale oomblik tydens die projek?**

Die respek wat die meisies aan juf. Heike Kotze en juf. Van Rooyen betoon het terwyl hulle met die meisies gepraat het oor hulle ervaring met kanker, het my hart laat smelt.

**Sal jy ooit self jou eie hare vir 'n *Shavaton* afsny?**

Ek beplan om my hare aan die begin van 2023 aan KANSA te skenk.









*Kansa Projek*
- Fotograaf: Vivienne Pio -

# Liefde deur die *Tulah*-trooskombers

Jana Gous

Dit is net liefde, nie woorde nie, wat troos kan bring wanneer 'n mens iemand verloor.

By Kloof neem hierdie liefde die vorm van die *Tulah*-trooskombers aan. Dié trooskombers word met sorg en omgee deur onderwysers gehekel vir elke kind wat 'n ouer aan die dood afstaan.

Die inisiatief het ontstaan as gevolg van 'n landswye groep genaamd "Anja Trooskomberse" wat toe na die Klofies deurgetrek is. Die naam *Tulah* wat rustigheid, lig, vrede en balans beteken, is gekies.

Die oorhandiging van die trooskombers is gewoonlik 'n baie sensitiewe oomblik, daarom word hierdie saak glad nie aan die groot klok gehang nie. 'n Persoon wat naby aan hierdie leerder is, oorhandig dit tydens 'n privaat oomblik, saam met die *Tulah*-briefie.

"Ons het nooit gedink dat die projek so groot sou word nie," sê juf. Anita Boonzaaier. 'n Groep van 27 onderwysers, gebedsma's en ander belangstellendes hekel elkeen 'n deel van die kombers. Daar is ook 'n ouetehuis in Bronkhorstspruit wat help as die hande vir die hekelwerk te min raak.

"Dit is 'n stille uitreiking, want dit lê diep in ons harte om ook vir hierdie leerder wat die verlies deurgaan, te bid, terwyl ons hekel," vertel juf. Anita. "Dit is 'n spesiale en emosionele ervaring vir beide die leerders en die onderwysers betrokke."

Meer as 120 komberse is al aan leerders oorhandig. Volgens juf. Anita het die onderwysers in die begin al die wol uit hulle eie sak aangekoop, maar soos wat die projek gegroei het, het dit byna onmoontlik geraak. Skenkings en bydraes is wat die projek aan die gang hou.

Indien jy voel dat jy 'n klein skenking wil maak, kan juf. Anita Boonzaaier gekontak word.







*Tulah-trooskomberse.*
- Foto verskaf -

# Die graad10-leerders se Klofie-harte in Derdepoort

Mia Appelcryn

In die week van 8 Augustus het al die graad 10's saamgestaan en hulp aan die gemeenskap in Derdepoort verleen. Jonk en oud het opgedaag en hulle het die graad 10-Klofies met ope arms verwelkom.

Met warm sop en vars brood onder die arm, het die Klofies na omtrent 100 mense uitgereik. Elke graad 10-voogklas het tien liter sop gekook en vars brood voorsien wat toe onder dié hongeres uitgedeel is. Al die mense het ook pakkies met noodsaaklike benodigdhede, soos toiletware, ontvang.

Die uitreik is deur die graad 10-Lewensverrykingsvoorsitter, Sophia-Marie Botha, gereël. Met behulp van die ander graad 10-leerders was die poging 'n groot sukses! Sy sê die kosbaarste was om die mense se vreugde en dankbaarheid te beleef toe hulle hoor hulle kan 'n tweede keer kom opskep!

Dié gemeenskap het nie baie nie en dien as 'n herinnering aan elke Klofie om ongelooflik dankbaar te wees vir alles wat ons as vanselfsprekend aanvaar. Die klein bietjie wat Kloof gegee het, het 'n reuseverskil in die mense se lewens gemaak.

Hierdie sal beslis nie die laaste wees wat dié gemeenskap van die Klofies sien nie. Hoërskool Waterkloof se graad 10's het nog groot planne om in die toekoms in die gemeenskap terug te ploeg.






*Marco Coetzer en GJ Joubert sorteer die Derdepoort-skenkings.*
- Foto verskaf -

# KARNAVAL

## *by die gr.10-bal*



















*- Fotograaf: Carla van Staden -*

# Die boeke wat jy moet lees – jou punte hang daarvan af

Jana Gous, Lillian van Staden, Kayla Strydom

**Graad 8**

***Thomas@sms.net deur Carina Diedericks-Hugo***




Thomas, die "speurder", is vasgevang in 'n wêreld vol geheime en gevaar terwyl hy met 'n reeksmoordenaar swaarde kruis.

As jou ma, wat jou tienuur op 'n Vrydagaand by 'n kuier WhatsApp, jou bangmaak, wag tot 'n anonieme persoon vir jou dreigende boodskappe stuur. Dan is jy in Thomas se skoene.

Die meeste leerders het vir Thomas@sms.net drie sterre uit vyf gegee. Die semivoorspelbare storielyn en die tipiese karakters is seker die rede daarvoor. Die roman is wel opwindend en kry dit reg om spanning rondom die verskillende moorde te skep. Is Thomas@sms.net 'n goeie opsie vir 'n voorgeskrewe boek vir die graad 8's? Die antwoord is volgens 61.3% van die leerders 'n definitiewe JA.

As jy deel van die 38.7% is wat van die storie hou, maar nie die boek wil lees nie, kan jy die Thomas-reeks ook op kykNET kyk. Dit is gedurende 2013 in 'n televisiereeks, waar Thomas en sy vriende vele avonture beleef en misdade oplos, omskep.

**Graad 9**

***Die Pro deur Leon de Villiers***




Sit jy in die Wiskundeklas en al waaraan jy kan dink, is die seesand onder jou voete, of hoe lekker jy op die golwe met jou branderplank gaan ry? Wel, dan is Die Pro perfek vir jou!

Die roman handel oor Tiaan wat die verlies van sy beste vriend, Dirkie, wat in 'n branderplankry-ongeluk oorlede is, moet verwerk. Die Pro is gedurende 2015 verfilm met Edwin van der Walt wat die rol van Tiaan vertolk.

26.9% van die leerders gee vir Die Pro drie uit vyf sterre. Die groot konsensus onder die graad 9's is dat dit 'n goeie opsie vir 'n voorgeskrewe boek is en dat 'n mens met Tiaan se stryd kan identifiseer. Die graad 9's kan wel dankbaar wees dat hulle nog nie opstelle oor hierdie roman hoef te skryf nie.

**Graad 10**

***Die Driehoekige Sirkel deur Corrie Vorster***




'n Boek wat jou van die oomblik wat jy die titel lees, deurmekaarmaak? 'n Voor die hand liggende storielyn? Karakters wat nie veel diepte het nie? Ja, ja en ja! Die

Driehoekige Sirkel bied jou dit alles in jou graad 10 jaar.

Caro Eksteen is terug by haar alma mater, maar nie net vir haar nuwe werk as onderwyseres nie, want sy het 'n geheime agenda... Dit hou verband met haar verlede waarvan sy nie kan weghardloop nie. Wil jy weet wat in haar verlede gebeur het? Lees die boek. Jy sal kan raai wat gebeur vandat jy die eerste keer die naam Steve White lees.

Die terugvoer wat die Klofiekan oor hierdie roman ontvang het, is oor die algemeen nie baie positief nie. 41,9% van die leerders het vir Die Driehoekige Sirkel 'n een uit vyf sterre gegee. Die meerderheid leerders het nie die boek geniet nie en dink dat die voorgeskrewe boek vir die graad 10's verander moet word.

Alhoewel dit nie volgens die leerders die beste boek is nie, is daar wel 'n paar lesse wat 'n mens daaruit kan leer. En, aan die positiewe kant, is dit nie so moeilik om vrae daaroor in 'n toets te beantwoord nie.

**Graad 11**

***Droomdelwers deur Esta Steyn***




Leendra is eindelik terug in haar tuisdorp, vry van die tronk, maar nie vry van die vele gedagtes wat haar vasvang nie. Wanneer dit kom by die misterie rondom haar ouers se dood, kan sy net nie al die legkaartstukkies bymekaar sit nie, alhoewel die leser dit baie makliker kan regkry.

Droomdelwers is oor die algemeen aangrypend en bevat verskeie intriges wat ineengevleg is. Daar is soveel karakters (party lesers sal sê te veel) dat wanneer jy by die derde naam kom wat met 'n "G" begin, jy sommer almal Gerald noem. (Dit is maklik om dit te doen, maar dan nie so maklik om jou punte te kry nie.)

Die terugvoer wat ontvang is, is redelik positief, met 26,8%, die grootste persentasie, wat die boek drie uit vyf sterre gee en 19,6% wat dit vyf uit vyf sterre gee. As jy kan bybly, is Droomdelwers 'n genotvolle roman met 'n interessante storielyn. Dit kon dalk net met 'n beter draaipunt en minder karakters klaargekom het.

**Graad 12**

***Onderwêreld deur Fanie Viljoen***




Dit is die wêreld van geld, gevaar, emosies en misdaad, alles weggesteek onder die mantel van 'n prestige, privaat seunskool in die Drakensberge. Die roman volg vir Greg Owen, wat die geheimsinnige verdwyning van sy nuwe beste vriend, Eckardt, ondersoek. Die boek is gelaai met kuberkrakery, manipulasie en jaloesie, wat vir 'n interessante intrige sorg en die hoofkarakter oor die misbruik van mag laat besin.

Onderwêreld is 'n opwindende verhaal, maar 'n mens moet kophou tussen die tydspronge van die hede na die verlede. Wees voorbereid om opstel na opstel oor konflik, verlies, en keuses te skryf.

Die verhaal is boeiend en die moeite werd om 'n paar keer gelees te word om die volle betekenis te verstaan. Die meerderheid van die matrieks, 61.5%, het gestem dat dit 'n goeie opsie vir 'n voorgeskrewe boek is.

'n Hoogtepunt is die Onderwêreld-opvoering wat jaarliks vir die matrieks op die planke gebring word. Jy moet beslis steeds die boek lees.

**Alle opinies is onafhanklik van die Klofiekan en is vanuit respondente se antwoorde gevorm.*

# Tong-in-die-Kies

Handro Myburg en Arnold Dippenaar

Hallo Klofie, jy is moontlik besig om hierdie Tong-in-die-kies in 'n eksamenlokaal te lees. Tien teen een skryf jy LO, jy het nog baie tyd oor en die koerante is uitgedeel. Baie geluk, jy is deel van 'n klein persentasie leerders wat nie net na die prentjies kyk nie. As beloning bied ons graag vir jou 'n bietjie vermaak en kyk ons terug oor die afgelope twee kwartale.

Dit was vir niemand 'n skok dat die koshuis alweer die kaskar gewen het nie. Ons wonder net of hulle eendag sal besef dat hulle alleen om die baan hardloop. Miskien is dit die dag wat hulle met respek, integriteit en lojaliteit om die baan sal hardloop met ander woorde, nie steel nie.

Die aand van die Smulfees was weereens 'n reusesukses maar is egter deur een ramp getref. Die mallemeulesertifikaat was nie geldig nie. Hopelik lyk die matrieks se matriekssertifikate beter.

Die grootste nuus in Kloof is natuurlik dat ons met 'n nuwe swembad spog. Alhoewel almal dalk dink dat hierdie nuwe infrastruktuur vir sport en LO is, is die waarheid dat dit vir die onderwysers se gesondheid is. Ons bied aan: *Ma'am* se water-aërobiese klas vir onnies oor 50. Dit hou die cholesterol laag en die Wiskundepunte hoog.

Na twee jaar van intensiewe kuberkraking en polisie-aktiwiteit het ons uiteindelik ons *Instagram* terug, onder voorwaarde dat die wagwoord nie meer Klofies123 mag wees nie en dat die IT-Departement dit nie meer op 'n nota op die lessenaar mag skryf nie.

Verlede jaar op *40 days* is vuurwerke geskiet; hierdie jaar is enige probeerslag deur mnr. Roos afgeskiet. Boonop het mnr. Roos ook die kruisie vir 40 days 'n week of twee te laat op sy kalender getrek.

Dan kom ons by die matriekafskeid, 'n laaste stukkie lekker voor die lang aande van alleen leer. Die vraag op almal se lippe is: Was Guillaume se pak deur 'n klavier of 'n Topdeck-sjokolade geïnspireer?

Die enigste ding langer as Afrikaans vraestel 3 is die verjaarsdagprosedure tydens vierkant. Baie dankie Damian, ons weet jy is lank, maar ons hou van ons vierkant kort.

Teen die tyd het hulle hopelik al jou vraestel ingeneem en is jy al goed op pad na jou bed vir daardie heerlike post-LO, middagslapie. Ons raad vir die res van die eksamen: vasbyt, hard leer en soet wees. Geniet die vakansie.



Handro en Arnold
- Fotograaf: Vivienne Pio -

# Met grysheid kom wysheid: **Wysheid vanaf juf. Heidi Ribbens**

Lize Erasmus

Raad … Rek … Ribbens. Juf. Heidi is definitief 'n juffrou uit die boeke! Met 20 jaar se ondervinding in die onderwys by Hoërskool Waterkloof, loop hierdie juffrou van die wysheid oor.

**Op watter drie waardes is Juffrou se lewe gebou?**
Regverdigheid, opregtheid en respek.

**Wat is die beste raad wat Juffrou onderskeidelik vir 'n graad 8- en vir 'n matriekleerder sal gee?**
**Gr. 8:** Moenie jouself verander net om in te pas nie. Waardeer ook jou ouers meer!
**Gr. 12:** Die wêreld lê oop voor jou en jy het soveel geleenthede! Moet nooit iets half doen nie!

**Wat is die belangrikste les wat Juffrou in Juffrou se lewe geleer het?**
Hanteer ander met respek, want jy weet nie waar jou pad iewers weer met dieselfde persoon se pad gaan kruis nie.

**Wat is Juffrou se lewensmotto?**
Moenie ander probeer beïndruk nie en gryp vandag aan.

**Hoe glo Juffrou word ware wysheid verkry?**
Deur na mense, wat voorheen die pad geloop het, te luister.

**Wat dink Juffrou is iets waarmee tieners sukkel?**
Tieners wil nie sukkel nie, maar wil alles die eerste keer regkry. Die lewe werk ongelukkig nie so nie; jy moet konstant aanhou probeer totdat jy dit regkry.

**Wat glo Juffrou is die sleutel tot sukses?**
Harde werk, deursettingsvermoë en om trots op jouself te wees.

**Watter raad kan Juffrou vir 'n leerder gee wat angstig word terwyl hy/sy 'n Rekeningkundetoets skryf?**
Sit jou potlood neer, haal diep asem en vra vir God om jou rustig te maak. As jy voorberei het, sal die werk wat jy geleer en geoefen het, daar wees. Ontspan, daar is balletjiepunte!



Juf. Heidi Ribbens
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

**Dit is duidelik waarom die Klofies jaarliks in Visuele Kuns (o.l.v. juf. Bonnie Joyce) en Ontwerp (o.l.v. juf. Anne-Marié Grobler) presteer.**

## KUNS














## ONTWERP














# Skoolverjaarsdag 2022
















*- Fotograwe: Juandré le Roux, Tanica Stroebel, Nikah Myburgh, Vivienne Pio -*





# Paparazzi-pret

*Fotograwe: Vivienne Pio, Tanica Stroebel, Dané Naudé, Nikah Myburgh en Limé van der Nest.*






























# Vind die versteekte woorde

Juan de Wet en Lyné Steyn

Soek die antwoorde op die vrae in die letterblok. Stuur 'n foto van die blok met die versteekte woorde (omkring die woorde of gebruik 'n *highlighter* om dit aan te dui) vir juf. Alma van der Walt op Teams. Die eerste leerder met die korrekte woorde, wen R500.

**Sluitingsdatum:**
Vrydag 18 November om 8:00.

**Leidraad:** Die woorde kan horisontaal, vertikaal, diagonaal, van links na regs, of van regs na links lê.

**Staan 'n kans om R500 te wen!**

1. Wat dink ouers is perfek vir hulle bloedjies?
2. Wie is die algehele wenner van die *Handicap Triple*?
3. Wie is die Tennis-cowboy?
4. Wie is die verskaffer van die M&M's wat tydens die Wiskunde-periode rondgestuur word?
5. Teen wie het Kloof, met 'n telling van 1-3, die knie gebuig?
6. Wie sal jy kry waar daar lekker musiek is?
7. Watter leerderproduksie is deur Marli Viljoen geskryf?
8. Hoeveel liter sop is deur elke voogklas gekook?
9. Wie wil vriende met Olaf wees?
10. Waarna luister Elijah graag?
11. Voltooi die frase: "…en laat die orkeslede ___ speel."
12. Wie het nou ontdek dat hy voete het?

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | K | A | H | F | F | C | N | R | P | H | S | S | X | N | U | H | S | Z | J |
| R | L | X | D | P | T | R | K | A | Z | O | H | T | U | E | V | O | T | X | Z |
| V | E | Q | O | V | C | V | P | D | A | N | G | I | Y | I | E | E | E | D | K |
| H | O | W | U | X | K | X | Y | K | W | I | I | R | V | T | W | R | F | Z | A |
| F | L | U | E | I | Z | D | M | L | K | V | L | B | L | S | E | S | A | H | B |
| C | M | D | J | K | H | H | N | U | N | U | U | E | U | T | R | K | N | O | D |
| A | N | B | V | N | N | K | M | H | Q | W | R | I | R | E | G | O | N | K | P |
| R | O | E | S | L | S | E | G | S | K | X | R | S | Y | U | Y | O | V | P | K |
| U | G | N | N | G | B | X | G | D | Q | O | D | E | K | R | A | L | S | V | N |
| C | Z | G | U | J | V | E | K | A | T | M | R | C | O | J | T | L | S | E | Q |
| D | R | S | R | J | F | D | H | E | W | D | R | Y | V | P | Z | I | O | Z | K |
| P | V | U | Z | Y | E | N | R | I | A | S | K | R | U | X | H | G | L | D | I |
| Z | P | N | G | G | D | P | K | R | G | A | K | B | Y | C | L | B | Q | R | Z |
| N | L | Z | N | B | O | W | D | Q | Q | D | K | L | Z | K | C | R | P | W | U |
| K | G | T | R | C | Y | N | H | S | O | F | T | R | O | C | K | O | N | K | U |
| A | K | B | I | U | A | W | N | S | M | L | H | X | L | V | J | N | L | F | D |
| Y | H | N | J | X | H | E | I | K | E | E | L | L | I | S | M | I | Z | C | L |
| F | V | M | E | A | A | F | N | V | Z | B | W | P | C | Y | G | T | M | C | I |
| E | F | L | Z | T | I | R | A | M | P | O | O | J | T | O | C | N | A | U | J |
| F | A | B | P | G | L | K | A | I | V | X | A | B | Y | W | M | K | Q | P | H |

# Meng-en-pas-speletjie

Arnold Dippenaar en Casey Robertson


Waterkloof se onderwysers het soms unieke voorwerpe of prente in hulle klas. Kyk of jy die onderwyser by die regte voorwerp of prent kan pas.




*Antwoorde elders in hierdie uitgawe.*

# Blou, geel of wit - gee net vir my wiele

Michaela Smith




*A little bit of Suzuki for my girl, a little bit of Honda for my guy, oh no no not that one, I'd rather chose the red one, Huandai.*

As jy na jou eerste motor begin kyk, is daar 'n paar aspekte wat in ag geneem moet word wanneer jy jou besluit maak. 'n Betroubare, tweedehandse motor wat lae kilometers op het en lig op brandstof is, is die meeste van die tyd die beste opsie vir 'n eerste motor. Dink byvoorbeeld aan 'n Toyota Etios of 'n Ford Figo.


Daar word beweer dat Volkswagen Polo's gewild is, maar hulle is ook die gewildste teiken vir diefstal. Steeds is hulle egter van die gewildste eerste motors vir nuwe bestuurders. Die vraag is nou: hoekom is hulle so gewild op ons Suid-Afrikaanse paaie? Polo's is meer betroubaar omdat statistieke bewys dat hulle loop- en onderhoudkostes minder as byvoorbeeld 'n Mahindra is. Mahindras mag dalk langer as tien jaar in Indië bestuur word, maar dit is nie noodwendig vir Suid-Afrika se uitdagende paaie gemaak nie.

'n Ander aspek wat in gedagte gehou moet word, is die koste van 'n diens en die kostes van die lisensie. Dit is eenvoudig: hoe groter die motor wat jy bestuur, hoe duurder is die lisensie, en hoe meer eksoties die motor van jou keuse, hoe meer sal jy moet betaal vir die vervanging van onderdele soos remskoene, oliefilters én remligte vir wanneer jou kêrel besluit om jou nuwe wiele te toetsbestuur.

Die meeste jongmans dink wel dat 'n Hilux-bakkie beslis die beste, eerste motor is. Dames daarenteen, glo dat hulle spoggerig sal lyk in 'n splinternuwe Mini Cooper met 'n afslaandak en hare wat waai. Ouers dink egter dat 'n Volkswagen Kewer wat skaars 50km/h op die snelweg kan haal, perfek vir hulle bloedjies sal wees. Wat jou besluit ook al is, maak seker dit is 'n ingeligte en wyse besluit.

## SPOTPRENT

Kunstenaar: Suné van der Merwe





Beurtkrag sit meer as net die ligte af

# Kloof-hokkie maak amok

**Niel Voges**

Kloof-hokkie het hierdie jaar beslis die Waterkloof-naam hooggehou. Alle bloed, sweet en trane van die reeds uitstekende 2022-hokkieseisoen het na die Noordvaaltoernooi, die hoogtepunt van die seisoen, gelei. Na oorwinnings oor skole soos Afrikaans Hoër Seunskool (2-1) en Garsfontein (1-0) het die eerste seunspan na Krugersdorp vertrek om aan die Noordvaaltoernooi deel te neem. Seges van 3-1 oor Hoërskool Krugersdorp en 2-1 oor Potchefstroom Gimnasium het verseker dat die seuns in die kwartfinaal met 'n 1-0 oorwinning teen Hoërskool Pietersburg weggestap het.



*Noordvaal-wenners*
*- Collage: Omari Geyer -*

Klofies moes ongelukkig die knie in die semifinaal met 1-3 teen Hoërskool Ligbron, buig. Met hernude gees, het die span egter vir Hoërskool Noordheuwel, in die uitspele vir die derde en vierde plek, met 'n 3-2 oorwinning, laat les opsê. Die o. 14 A-seunspan het derde by die Noordvaaltoernooi geëindig en die o. 16 A-seunspan het in 'n naelbytfinaal verloor om uiteindelik tweede te eindig.

Die Klofie-hokkiedogters het ook nie teleurgestel nie. Met resultate soos 'n silwer medalje by die St. Mary's-toernooi het die eerste dogterspan die Noordvaaltoernooi met groot verwagtinge betree. Hier het hulle met 'n telling van 2-2 teen Hoërskool Ermelo begin. 'n Oorwinning teen Hoërskool Kemptonpark (4-0) en Cornwall Hill College (2-0) het 'n plek in die finale uitspele verseker. In die kwartfinaal teen Hoërskool Middelburg het hulle met 'n telling van 5-0 gewen. Na 'n oorwinning in 'n taai semifinaal teen Hoërskool Noordheuwel, het hul na die finaal deurgedring.

Tydens die finaal teen hulle vorige opponente, Hoërskool Ermelo, het die Klofies nie geskroom om hulle opponente te wys wie die beter span is nie en hulle het die astro, met goud om hulle nekke na 'n 3-0 oorwinning, verlaat. Nes hulle eerstespanrolmodelle het die o. 14 A-dogterspan ook goud by Noordvaal verwerf. Die o. 15 A-dogterspan het met silwer gespog en die o. 16 A-dogters het vyfde geëindig. Hoërskool Waterkloof is as algehele wenners van die Noordvaaltoernooi, gekroon.

Dit was 'n puik seisoen vir Kloof-hokkie. 'n Seisoen wat die momentum geskep het om nog hoër hoogtes, in die jare wat voorlê, te bereik.

# Sukses op die gholfbaan

**Emma Lotriet**



*Woodlands Masters-toernooi*
*Agter: Raymond van Niekerk, Nelis de Bruin, Michael Ferreira (Junior Masters-wenner), Charl van Heyningen.*
*Voor: Roelof Craig, Cilliers Craig.*
*- Foto: Gerhard Ferreira -*

Dit is geen geheim dat Hoërskool Waterkloof se gholfspelers verskeie groot suksesse bereik het waarop ons Klofies baie trots is nie. Trouens, ons Klofie-gholfspelers spog reeds op nasionale sowel as op internasionale vlak met uitmuntende prestasies op die gholfbaan.

Die jaar is met 'n sterk afslaan ingelei toe Waterkloof se junior gholfspelers die louere ingeoes het tydens die Pirie Cup Junior-toernooi wat deur Pecanwood College aangebied is. Hierdie sege is met 'n barshou tydens die somerliga opgevolg wat vanaf Februarie tot Mei plaasgevind het. Waterkloof klop Affies in die finaal en bring die Voorsitterstrofee Kloof toe.

Na hierdie beduidende oorwinning, neem die Klofies deel aan die Gauteng-Noord-hoërskolespantoernooi, waar hulle weereens seëvier om sodoende vir die SA-hoërskoletoernooi te kwalifiseer.

Nog 'n merkwaardige oorwinning volg by die Woodlands Junior Masters-toernooi waar Michael Ferreira as die individuele wenner aangewys word met Roelof Craig kort op sy hakke in die tweede plek. Michael Ferreira tree ook as oorwinnaar uit die stryd tydens die Tshwane Ope. Waterkloof behaal 'n spoggerige vierde plek tydens die SA-hoërskoletoernooi. Waterkloof se jonger spanlede neem aan die Grey High Junior-toernooi, 'n toernooi slegs vir die graad 8 tot 10's, deel waar hulle weer in die eerste plek eindig.

Dit was beslis 'n jaar van uitsonderlike gholfprestasies vir die Craig-broers en Michael Ferreira. Roelof Craig het tweede in die SA- o. 15-toernooi by Gowrie Farm geëindig en later die Gauteng-Noord-hoërskolekampioenskap gewen. Roelof en sy broer, Cilliers Craig, is twee van slegs drie spelers wat in die Gauteng-Noord-hoërskole-IPT-span opgeneem is, met Michael Ferreira wat tans die derde lid en kaptein van die span is.

Cilliers het beslis tot sy reg gekom toe hy vanjaar op die jong ouderdom van 14 vir die SA-hoërskolegholfspan gekies is. Daar is ook verskeie Klofie-spelers wat aan die Gauteng-Noord-Junior o. 19-toernooie deelgeneem en gewen het. Michael en Roelof het al 'n hele paar keer gewen.

Oud-Klofie, Christiaan Bezuidenhout, hou ook die skool se naam hoog deurdat hy as lid van die beroemde Presidents Cup-span gekies is.

Dit was beslis 'n besige jaar propvol suksesse vir die Klofie-gholfers!

# Kayla Murray: Waterkloof, Wêreldklas, Wêreldwyd

**Vivienne Pio**



*Kayla by die o. 20-Wêreldkampioenskap in Colombië*
*- Foto verskaf -*

Kayla Murray, in graad 11, was deel van die Suid-Afrikaanse aflosspan wat aan die o. 20-Wêreldkampioenskap in Cali, Colombië, deelgeneem het. Die kompetisie het vanaf 1 tot 7 Augustus plaasgevind en Kayla moes byna 40 uur reis en op vier vliegtuie klim om uiteindelik daar aan te land. Die aflosspan het vierde in hulle lopie geëindig en het die finaal net-net gemis. Kayla, Kloof is besonder trots op jou wêreldklasprestasie!

**Het jy 'n snaakse staaltjie van jou ervaringe in Colombië?**

Ons het een aand atletiek in ons kamer gekyk en die een ou het so opgewonde geraak dat hy sy waterbottel deur die televisieskerm gegooi het!

**Wat was die lekkerste van die kompetisie?**

Die mense en die sosiale aspek. Ons Suid-Afrikaanse span was almal baie na aan mekaar. Ons het ekstra stoele rondom die etenstafels ingedruk, net sodat ons bymekaar kon sit.

**Wat is jou raad aan 'n hoërskoolatleet?**

Moenie dit te ernstig opneem nie. Onthou om jouself steeds te geniet. Moenie in jou prestasies vaskyk nie.

**Hoe het jy met atletiek begin?**

Ek was die kind wat laaste in die wedlope op laerskool gekom het omdat ek vir my ma-hulle gewaai het. 'n Vriendin het my gevra om die 100 m saam met haar te hardloop. Ek moes dringend badkamer toe, maar ek het eers gehardloop en so die aflosspan gehaal.

**Wat is die grootste uitdaging in jou atletiekloopbaan?**

Ek sukkel om myself nie te ernstig op te neem nie en om meer in die oomblik te leef en myself te geniet.

**Wat is die grootste mite in die atletiekwêreld?**

Dat naellopers flukse mense is. Ons is eintlik die luiste van al die atlete en wanneer dit by dieet kom: ons is mal oor roomys.

**Wat is jou volgende atletiekmylpaal?**

Die volgende o. 20-Wêreldkampioenskap.

**Wie is jou grootste atletiekheld?**

Sam Kendricks, hy is eintlik 'n paalspringer, maar ek hou van hom omdat hy altyd glimlag, positief en vriendelik is.

# Juf. Alexandra Dreyer – dié ruiter slaan 'n kishou

**Nandi Gous**

Met 'n tennisraket in die een hand en perdryteuels in die ander, is juf. Alexandra Dreyer beslis ons eie tennis-cowboy. Ewe tuis op 'n perd se rug as op 'n tennisbaan, het sy nasionale kleure in beide sportsoorte verwerf.

Tennis is in goeie hande hier by Kloof, met juf. Alexandra wat as lid van die vroue 35-jaar-ouderdomsgroep se nasionale span in Julie aan die ITF- Wêreldkampioenskap in Portugal deelgeneem het. Hier het sy in beide die dubbel- en die enkelspel tot die kwarteindrondte deurgedring.

Juf. Alexandra het op 28 kompeterend in die amateurafdeling begin speel en is na nege jaar se harde werk, vir Suid-Afrika se span gekies. "Dit was vreeslik moeilik om dit te doen terwyl ek moes werk, studeer en nog perdry tussenin. Daar was baie dae wat 'n ou voel jy is nie meer lus nie."

En maklik kom dit beslis nie, want juf. Alexandra is 'n goeie bewys van hoeveel ure se oefening 'n mens moet insit. "Dis baie intensief en baie, baie tennisballe wat geslaan word," sê sy. Dan oefen sy nog soggens voor skool in die gimnasium. Smiddags oefen sy tennis as daar nog lig is, ry fiets of andersins gaan hardloop sy. "Jou lyf moet sterk wees, want jy kan tot drie wedstryde per dag by dié kampioenskap speel." Tog verduidelik sy die belangrikheid daarvan om die regte kopskuif te maak, want dit bepaal eintlik jou spel. Juf. Alexandra speel immers tennis omdat sy dit geniet.

Sy moes dit die afgelope paar maande rustig met die perdry vat, omdat die risiko vir beserings so groot is. Dit is vir haar moeilik om te kies van watter sportsoort sy die meeste hou. "Elkeen het sy spesiale oomblikke. Ek is baie lief vir diere en my perde veral; ek verstaan hulle koppe. Tennis is my passie en het vir my al baie hartseer en geluk gebring."

Volgende doelwitte? "Die volgende wêreldkampioenskap is gedurende Maart 2023 in Turkye en soos ek die kinders leer: as jy 'n geleentheid gegee word, gryp dit aan."



*Juf. Alexandra*
*- Foto verskaf -*

# Kloof-krieket: Wenners van die Noord-Suid-T20-skolekriekettoernooi

Je-Miné de la Rey



Eerste krieketspan
- Foto verskaf -



*Christiaan du Toit moker 89 lopies van 27 balle in die wedstryd teen Grey College.*
- Foto verskaf -

Van kolf, boul, lopies hardloop en paaltjies vat, kan jy hierdie manne niks vertel nie. Die Klofies se eerste krieketspan het tydens die onlangse Noord-Suid- T20-skolekriekettoernooi van 2022 opslae in die krieketwêreld gemaak toe hulle die mees gesogte krieketspanne in ons land aangevat het. As gekroonde kampioene van die Finsbury- en A1-ligas het hierdie manne weereens bewys dat ons opponente nie by ons kan "kolf" vashou nie, want krieket by Kloof is maar net in 'n ander klas!

Kloof het die toernooi met 'n oortuigende vertoning teen Northwood afgeskop wat geen weerstand teen die vinnige boulwerk van Kloof kon bied nie. Northwood was hulle paaltjies in slegs nege beurte kwyt. Selfs die gedugte teenstanders van Grey College moes op dag twee die knie teen die Klofie-krieketmanne buig. **Christiaan du Toit**, ook onlangs vir die Titans- o. 19-krieketspan gekies, het die velle van sy kolf afgeslaan met 'n allemintige 89 (van 27 balle) lopies nie uit nie! In 'n naelbytwedstryd teen SACS (South African College High School) het die Klofies amper een van die gunstelinge geklop, maar die uitklophou was ons nie beskore nie en SACS het met die louere weggestap. Op dag drie het Kloof teruggeveg en die magtige Wynberg in die kwarteindstryd verslaan toe **Hernus Marais**, nog 'n gekose Titans- o. 19-krieketspeler, vier paaltjies in vier beurte geneem het met slegs 21 lopies afgestaan. Daarna word Paarl Boys High se manne kleedkamer toe gestuur in die semifinaal met vier paaltjies in die Kloof-geledere staande. Die laaste dag het Kloof as algehele wenners uit die stryd getree toe Hoër Volkskool Potchefstroom in die stof byt en in slegs 13 beurte uitgehaal word. **Alexander Volschenk**, wat in 'n japtrap deur die Titans- o. 17-krieketspan opgeraap is, boul 'n barshou en neem vier paaltjies in drie beurte met slegs 15 lopies afgestaan. **Nico van der Westhuizen** was egter die grootste paaltjievraat met die meeste paaltjies (13 paaltjies in totaal) vir die toernooi geneem.

Sonder vasberade afrigters wat die spelers motiveer, sou dit vir die manne onmoontlik wees om hulle volle potensiaal te bereik. Dankie aan die afrigter Cobus Pienaar en mnr. Rigardt Roos. Kloof-krieket is in goeie hande. WK is WK #Waterkloof is Wêreldklas!

# Los … in die kol … tien punte

Arnold Dippenaar

Waterkloof pyl op die nommer 1-boogskietskoolposisie af. Dit sal nie onredelik wees om te sê dat die Klofies klaar die kol raakgeskiet het nie.

Waterkloof se boogskietspan wen die skool se derde *Triple Crown*, een van die grootste 3D-kompetisies in die land wat deur ABO (African Bowhunting Organisation) gehou word.

Daar is drie kompetisies wat gedurende die jaar plaasvind. *Triple Crown* beteken nie net staan en skiet nie, maar daar word oor twee dae geskiet waarvan hulle vyf uur per dag skiet en 8 km stap. Boogskiet is 'n sport wat selfdissipline, motivering en fokus vereis. Dit is nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie. Niemand weet dit beter as **Joané Coetzee**, 2022-boogskietkaptein, nie. Sy oefen drie uur per dag, vyf tot ses dae per week. Haar harde werk het diwidende betaal, want sy is die dogterskampioen! Sy wen die dogtersafdeling deur 978 punte te verower … 71 punte meer as die naaste deelnemer!

**Bryce Siebrits** kom ook eerste met sy 1018 punte. Hy wen die skut in die tweede plek met een punt en die een in die derde plek met twee punte. Dit beteken Bryce het met 0.00098% gewen! Bryce is ook die algehele wenner van die *Handicap Triple*. Dit beteken hy het die hoogste telling behaal met die voorgeebonuspunte by sy telling.

**Hendré Verhoef** het die Suid-Afrikaanse rekord vir die 720-rondte gebreek! Die 720-rondte, ook bekend as 'n Olimpiese Rondte, is 'n langafstandteikenboogskietkompetisie wat die standaard vir die Olimpiese Spele is. Die afstande is amper so lank soos wat die woord is! Dit bestaan uit 72 pyle, elk ter waarde van 'n maksimum van tien punte wat op 'n afstand van 70 m geskiet word vir skuts met *Recurve* boë en 50 m vir skuts wat *Compound* boë gebruik. Die maksimum telling is 10×72 = 720 punte. Absoluut briljant!

Weens Hendré se fenomenale prestasies het hy Suid-Afrika in Estland verteenwoordig waar hy goud verwerf en as wêreldkampioen gekroon is! Hendré het in die laaste rondte 'n persoonlike beste puntetelling van 553 uit 720 aangeteken. Dit is voorwaar 'n besondere prestasie.

Elke leerder in die boogskietspan dra by tot Waterkloof se aanspraak as die BAAS van boogskiet!



Joané Coetzee
- Foto verskaf -



Bryce Siebrits
- Foto verskaf -



*Hendré Verhoef in Estland waar hy as wêreldkampioen in veldboogskiet gekroon is.*
- Foto verskaf -

# Die Kloof-ruiterspan maak skoonskip by SANESA

Nicolas du Plooy

Die ruiterseisoen het soos 'n hoëveldse donderstorm afgeskop en Kloof-ruiters het weereens bewys dat ons ruiterkuns uit die boonste rakke is! Al die ruiters was vroeg uit die vere om hulle perde te pamperlang en te poets.

'n Perdeskou is 'n senutergende oefening. Mamma hol met 'n lappie agter die perd aan om seker te maak dat al wat 'n hoef is, blink. Dan is daar die losgebreekte perde wat tannies na hulle asems laat snak. 'n Mens sal definitief so af en toe 'n *Rescue* moet sluk om jou gemoed te kalmeer.

Van skouspring tot dresseer, het ons ruiters beslis hul staal gewys. Die Kloof-span het aan 'n legio interessante items deelgeneem. Daar is kategorieë soos *Freestyle* waar die ruiter en die perd 'n roetine op musiek moet uitwerk en dit vir 'n gehoor moet voordra. Dan is daar *In-hand* waar die ruiter langs die perd stap en vir die beoordelaars die perd se etiket en die gehalte van sy maniere ten toon stel. *Showing* is 'n klas wat soos modelwerk vir perde is. Die beoordelaars kyk na die perd se gesondheid, sy kondisie en sy figuur (glo dit of nie). Daar is werklik 'n plek vir elkeen in die ruitergemeenskap.

Die Klofie-ruiterspan is na afloop van die vier SANESA Kernligaskoue as die ligawenners aangewys! 20 van ons ruiters het hulle Gauteng-Noord-kleure in verskeie klasse verwerf. By die Gauteng-uitdunne het Kloof weer geseëvier.

17 ruiters is gekies om Gauteng by die Nasionale Kampioenskap in Kyalami te verteenwoordig waar hulle talle pryse verwerf het, o.a. **Carli Roux** en haar twee perde, Red en Ulan. Sy het die beoordelaars, met haar deelname aan agt verskillende items, stomgeslaan. Sy verwerf vyf eerste plekke, 'n tweede en 'n derde plek. Na Hoërskool Waterkloof se sukses in die afgelope ruiterseisoen is die ander mededingers seker dat die Klofie-ruiters beslis 'n krag is om mee rekening te hou.



Carli Roux
- Foto verskaf -